CARNEGIE-BIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN ...
17 AUG 1979
CARNEGIE ... UNIVERSITY OF ...

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr. 13 PRYS 10c — VRYDAG, 10 AUGUSTUS, 1979

# BELANGRIKE MOSIES BY SP – SLUITING

Die ampstermyn van die huidige Studenteparlement is Donderdagaand, 2 Augustus, op 'n lewendige noot afgesluit met 'n sitting in die ouditorium van die Kweekskool. Verskeie belangrike en omstrede mosies is deurgevoer.

Mnr. Chris Heymans het 'n mosie ingedien dat die Studenteparlement sy waardering uitspreek teenoor die Studenteraad vir die mosie oor die oopstelling van koshuise en gemengde danse op die kampus. Voorts word verklaar dat die teenkanting wat daar wel teen die mosie was, gegrond was op onkunde.

Mnr. Heymans het gesê die Studenteparlement is semi-verteenwoordigend van die Stellenbosse studentegemeenskap. **Die studente se taak lê daarin om die Studenteraad se hande te sterk. Hy het gesê die betrokke mosie was die grootste en belangrikste wat die Studenteraad in jare aangeneem het.** Die idee van koshuise met internasionale status is nie in stryd met die Groepsgebiedewet nie. Die Drankwet is blykbaar die wetlike obstruksie. Mnr. Heymans het voorgestel dat drank, indien dit by danse die struikelblok is, in die toekoms ontbeer kan word.



CHRIS HEYMANS

**Die studente is ryp vir so 'n stap, het hy gesê. Dit blyk duidelik uit Helshoogte, as huis en Nerina se huiskomitee se bereidwilligheid om hul deure vir anderskleuriges oop te gooi.** Die 1 700 proteshandtekeninge wat ingesamel is, is beskryf as onafwendbare groeipyne wat voortspruit uit onkunde. Mnr. Heymans het ten slotte 'n beroep op die parlementslede gedoen om die mosie te aanvaar uit eie morele oortuiging.

Mnr. Piet Stofberg het beswaar gemaak teen die growwe veralgemening in die mosie wat verklaar dat alle protes op onkunde gegrond sou wees. **Hy het gesê daar is mense wat dit vanweë weldeurdagte beginselbesware teenstaan** Die mosie is hierop geamendeer om te lees: "... dat die teenkanting hoofsááklik gegrond was op onkunde."

### DIE MATIE

Mnr. Chris Heymans het in sy repliek na *Die Matie* gekap en gesê *Die Matie* kon met die afgelope referendum oor die ASB meer prominente menings gestel het, en nie net *Die Burger* en die SR se menings geëggo het nie. Die mosie is aanvaar.

### KOMMISSIE

Mnr. Chris Heymans het nog 'n mosie ingedien. Dit lui dat die verslag van die Kommissie van Ondersoek na Politieke Riglyne aanvaar word as 'n belangrike dokument en bydrae uit studentegeledere. **Hierdie riglyne moet nie as dogmaties of noodwendig as verteenwoordigend van politieke denke op Stellenbosch beskou word nie.**

Mnr. Heymans het gesê die verslag was 'n groot sukses. Dit stel slegs riglyne; nie aanmatigend nie, maar op 'n beskaafde manier. Dit is nie 'n politieke bloudruk nie, en moet ook nie as sodanig beoordeel word nie.

Mnr. Frans Roelofse het die kommissie bedank vir die groot werk. Mnr. Nick Koornhof het beswaar gemaak teen sekere subjektiewe menings in die verslag. Mnr. Piet Stofberg het hom uitgespreek teen sekere veralgemenings soos bv. dat die behoud van identiteit die Afrikanerpolitiek ten grondslag sou lê.

**Mnr. Dawie de Villiers het beklemtoon dat die verslag slegs as riglyn dien en voorgestel dat dit aanvaar word as die begin van iets.** Inhoudelike verskille kan immers in die SR bespreek word – hulle moet dit in elk geval eers aanvaar voordat die SR-voorsitter dit aan die koerante en tydskrifte beskikbaar stel. Die mosie is aanvaar.

### SAAMWOON

'n Mosie is na aanleiding van die polemiek in *Die Burger* oor die saamwoon van jongmense ingedien. Dit het (verkort) as volg gelui: **"Dat die SP (i) Sy spyt en uiterste teleurstelling uitspreek oor onlange uitsprake van dosente in die departement sosiologie as sou die huwelik bloot 'n uitgediende gebruik wees. (ii) glo dat die studentegemeenskap die huwelik, as Skeppersgegewe instelling, steeds wesenlik ag en as fondament van die samelewingstruktuur wil handhaaf.**

Mnr. Gideon van der Watt, die voorsteller, het toegegee dat die betrokke dosente wel bloot 'n analise van 'n feitelike situasie gegee. Tog was hy teleurgesteld in die lewens- en wêreldbeskouing van die dosente wat hulle gemotiveer het om die uitsprake te maak. Hul simpatieke verdediging van die toestand sou neerkom op 'n goedkeuring van die toestand – implisiet word saamwoon gestel as alternatief vir die huwelik "wat kan uitloop op 'n traumatiese egskeiding". Ook stellings soos "'n Mens kan die jongmense nie beskuldig van 'n onverantwoordelike beskouing van die huwelik nie", het mnr. Van der Watt gehinder.

**Mnr. Deon van Niekerk het beswaar gemaak teen die mosie, omdat dit die betrokke sosioloë se bona fides in twyfel sou trek.**

Na etlike voorstelle vir amendamente is 'n geamendeerde mosie aanvaar, met weglating van onder meer die verwysing na "dosente in die departement sosiologie."





*Die dreigende burgeroorlog tussen Suid en Noord het mnr. Martin Oosthuizen tot soveel kommer gestem dat hy gedurende die afgelope SP-sitting in die Kweekskool 'n mosie daaroor ingedien het.*

# Regeringsoptrede skiet te kort

Regeringsoptrede wat op die publikasie van die Wiehahn Kommissie se verslag gevolg het, was teleurstellend het Mnr. Grobbelaar, voorsitter van Tucsa (Trade Union Council of South Africa), is op die openingsaand van die Handelsweek gesê. Die Vereniging van Ekonomie en Handel het die week gereël en dit laat afskop met 'n simposium oor die Wiehahn-verslag.

Mnr. Grobbelaar, wat 'n lid van die kommissie was, het gesê dat die aanbevelings van die kommissie as 'n samehangende pakkie bedoel is. **Die optrede van die regering om sommige van die aanbevelings te aanvaar en ander te verwerp, hou gevaar in. Sonder al die aanbevelings, wat op mekaar steun, sal 'n onstabiele situasie geskep word.** Een van die hoofdoelwitte van die kommissie was om swart vakbonde wettig te maak en te reguleer. Omdat die regering egter trekarbeiders van vakbonde uitgesluit en in die algemeen swak wetgewing opgestel het, het swart vakbonde reeds te kenne gegee dat hulle nie van plan is om as vakbonde te registreer nie. Dit sal hulle te veel beperk. 'n Belangrike doel van die kommissie het dus misluk.

### PASBOER

'n Tweede spreker by die simposium was Mnr. Bakwa, 'n arbeidsamptenaar van *Roberts Construction*. Dit was sy taak om die swarte se siening van die verslag en die wetgewing wat daaruit voortgevloei het, te evalueer. **Mnr. Bakwa het die gehoor herinner aan Mnr. Fanie Botha, destydse Minister van Arbeid, se woorde toe hy die kommissie aangekondig het. Volgens hom was dit die regering se doel om rassediskriminasie te beëindig. Die kommissie sou daarvoor sorg.** Ongelukking het dinge volgens Mnr. Bakwa maar min verander. Daar mag bv. geen rassevermenging in tegniese skole wees nie, pasboeke bly nog die grootste las in die lewe van die swartes en hulle word nog nie in poste aangestel volgens meriete nie.

### DISKRIMINASIE

**Om af te sluit het Mnr. Bakwa gevra dat, alhoewel diskriminasie nie deur die kommissie uitgeskakel is nie, mense in hul eie lewens pogings sal aanwend om diskriminasie uit te skakel.**

### AANBEVELINGS

Prof. Swart van Unisa het die tegniese sy van die aand behartig deur 'n uiteensetting van die kommissie se aanbevelings te gee, asook die aanbevelings wat in die regeringswitskrif aanvaar is, en dié wat uiteindelik in wetgewing beslag gekry het.

# SENDINGWEEK:

In die lig van die beskouing wat in baie van ons harte leef dat die boodskap van die Evangelie (versoening) die enigste oplossing vir die Suid-Afrikaanse rasse- en volkereproblematiek bied, behoort die sendingweek van 1979 uiters interessant te verloop.

Die hoogtepunt van die komende Sendingweek (12–19 Aug.) behoort sekerlik die paneelbespreking na die afsluitingsdiens op Sondagaand te wees. Onder leiding van die gespreksleier, prof. Willie Esterhuyse, bekende hoogleraar in filosofie op Stellenbosch, sal dr. Piet Koornhof, minister van Samewerking en Ontwikkeling, dr. Jacques Kriel, Minister van Gesondheid van Bophuthatswana en ds. Jan Hofmeyer, Ned. Geref.-predikant in Soweto, **saam besin oor "Hoe kan 'n Christelike Samelewing die oplossing bied vir Suid-Afrika se rasse- en volkereproblematiek?"**

Die aandbyeenkomste word behartig deur die bekwame dr. Chris Greyling, dosent in Bybelkunde aan UWK. Dr. Greyling is o.a. 'n deskundige op die gebied van Oosterse religieë en het vir veertien en 'n half jaar onder die Indiërs in Transvaal sendingwerk gedoen. **Die tema wat gedurende die aandbyeenkomste behandel sal word, is "Laat U Koninkryk kom".**

Elke dag om 13h15 word daar in die Sanlamsaal van die LSS vanuit die Blanke, Bruin en Swart kerke gekyk na die tema "Ons samelewing skep 'n Sendingveld!" **Dié tema is veral aktueel in die lig van die afgelope SACLA-byeenkoms wat in Pretoria gehou is, aangesien baie vrae in die harte van gelowiges lewe oor die toepassing en uitlewing van die versoeningsboodskap van SACLA.** Die sprekers wat sal optree, is ds. Goliath, dosent in Bybelkunde aan UWK (Maandag), ds. Jan Hofmeyer (Dinsdag en Woensdag), dr. Danie du Toit, dosent in Dogmatiek aan die plaaslike Kweekskool (Donderdag) en prof. Nico Smith, hoogleraar in Sendingwetenskap aan die Kweekskool (Vrydag).

Benewens al die genoemde byeenkomste is daar sendingstudie op Sondae, die vertoning van *The greatest story ever told* in die *Plaza*, bidure elke oggend en uitstallings in die onderste saal van die LSS.



*Moetie worrie nie! Dis warm water en nie olie nie! (Vries-ende water as deel van Stellenbosch se besparingspoging lyk alle koshuisbewoners se voorland te wees.)*



*Two of Gisela Taeger's students performing a modern dance.*

# *Modern Dance*

GISELA TAEGER, who is very well known here as a teacher of Movement and Modern Dance, both in the Drama Department of the University and in her own private Dance Studio, is presenting a programme on 16, 17 and 18 August in the H.B. Thom Theatre given by her students.

1979 is the 100th anniversary of Rudolf von Laban's birth, and Miss Taeger is offering this expository performance as part of the Centenary Celebrations and as a tribute to the great part his theories have played throughout the world in the development of movement studies both for the dance and for drama generally. She has been striving to stimulate interest in his work since 1961 and this performance has been especially designed for that purpose.

### WOMAN

The first part of the programme is mainly informative, while the second part, taking *Woman* for its theme, shows how Laban's principles may be used imaginatively in a dance-composition.

The programme of dances in the modern idiom, set to music by composers as different as Bach, Bartok and Brubeck, is choreographed and produced by Miss Taeger herself. She is a product of the Folkwanghochschule in Germany, where she trained for seven years under Professor Kurt Jooss, one of the truly great names of modern ballet and dance drama.

The programme consists of some 20 items, including both group and solo numbers, some accompanied by music and others punctuated only by the beat of a drum. It is full of variety, ranging from the serious to the comic, some of the items in the now well-established tradition of modern dance, others off-beat and entirely new. Titles of some of the pieces give an idea of its range and variety: Unsquare Dance, Search for Unity, Song of the Body, Protest, Mockery, Birds of Prey.

Booking is at Theatre Bookings (Edrich), tel. 6168, Stellenbosch.

# AANBIEDING VAN LETTERKUNDE VERSKIL

DIE verskillende benaderings van die Departemente Afrikaans en Nederlands, Engels en Duits t.o.v. die aanbieding van letterkunde lei tot interessante vergelykings. *Die Matie* het met die onderskeie hoofde van die departemente gaan gesels:

## AFRIKAANS EN NEDERLANDS

"IN ons departement probeer ons literatuur as literatuur bykom." So sê Professor Hendrik van der Merwe Scholtz, nuwe professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. Professor Scholtz is aan die begin van die jaar aangestel in die plek van Professor W.E.G. Louw, wat einde verlede jaar afgetree het.

Professor Scholtz is gevra om sy siening te gee van wat letterkunde is en te verduidelik hoe dit in die departement aangebied word.

### LITERATUUR VERANDER

Dit is baie moeilik om 'n presiese teksdefinisie op papier vas te pen, omdat literatuur nie iets blywends of konstants is nie — dit verander namate tye verander. Vir alle praktiese doeleindes kan egter gesê word dat literêre tekste, wat normaalweg bekend staan as poësie, dramas en romans, aan die Afrikaanse en Nederlandse Departement gedoseer word. 'n Literêre teks sou dan verwys na 'n fiktiewe wêreld en is, in 'n sekere mate, outonoom.

**Letterkunde word op twee verskillende maniere aangebied nl. in groot klasse en in klein- of tutoriaalklasse. In die groot klasse word 'n deel van die werk gewy aan die historiese oorsig van die drama, poësie of roman. Die teks word dan in die groep-klasse soveel moontlik sentraal gestel.**

### TAALKUNDIGE ASPEK

Professor Scholtz het egter iets nuuts, wat die aanbieding van letterkunde betref, probeer bybring dié jaar. Hy het dit alreeds die eerste semester in die tweede- en derde jaars se Letterkunde Spesiaalklasse op die proef gestel: Eerstens vind hy dit nodig dat die studente taalkundig toegerus moet wees vir die interpretasie van literêre tekste. Hulle moet bv. weet wat 'n metafoor is — 'n taalkundige aspek. Tweedens moet die studente 'n beter literêr-teoretiese agtergrond hê. Dié klasse volg hoofsaaklik 'n strukturalistiese trant en is verwelkom deur die ander dosente.

In die Honneurs-klasse word noukeurig aandag gegee aan literêre tekste, maar terselfdertyd word die studente se leesapparaat deeglik verskerp en moet hulle kan nadink oor die literêre teorie — aldus Professor Merwe Scholtz.



*Prof. Merwe Scholtz.*

## ENGELS

"A proper study of literature is the best form of language study", says professor C.J.D. Harvey, present Chairman of the Department of English.

In the English course presented at Stellenbosch, the Department concentrates on literature. The study of literature and of language have become specialised fields. One person cannot any longer be sufficiently trained in the study of both literature and language for University purposes. If a course in language were to be presented in addition to literature, additional staff would be needed, and for financial reasons this is not possible. The present staff is limited to literature specialists only. However, the study of literature is the study of language functioning at its best. **In general it is more desirable to have knowledge of the functions than of the forms of a language.**

### CHOICE OF BOOKS

The choice of prescribed books is based on two requirements. Firstly, a book must be of first-rate quality — only books that comply with the highest literary standards are set. **"Quality definitely comes first when we choose a book," was the resolute remark made by professor Harvey. "We do not have a preference for any particular author or for authors of any particular country."** As a secondary consideration books are chosen with a view to what might interest students at different levels.

### READ CRITICALLY

The task of lecturers is to give guidance to the students. They are firstly and foremostly taught how to read a given passage fully and critically. Passages chosen by the lecturers as examples in class, usually include the more subtle kind of literary devices. This enables the student to analyse a given piece on his own, once he has become familiar with the technique. The students are expected only to apply the skill they have acquired through reading and working on the texts. **"We certainly do not want memorised opinions in the answers. Students are required to prove that they can apply the techniques learned in class to any given passage."** The aim of the English course is to teach people to read fully by making them more aware of the possibilities of language as a communication medium, and thus to improve and refine their own ability to write and speak effectively. The Department aims at equipping students with a skill that can be used to read not only English but any other language. They should also be able to apply the techniques they have acquired while studying English literature to all forms of writing in many different fields.

### COMMUNICATION

The English course at the University of Stellenbosch is in fact a *communication* course of the best sort, according to Professor Harvey.

## DUITS

DIE sentrale doelstelling van die Departement Duits is om studente in staat te stel tot interkulturele kommunikasie, sê prof. R. Kussler, hoof van die Duitse Departement.

Alhoewel die kursusse geen formele taalonderrig behels nie, is die verbetering van studente se leesvaardigheid, die uitbreiding van hulle woordeskat en die vaardigheid om die moderne Duitse omgangstaal vlot en suiwer te kan praat en skryf, 'n belangrike doelwit.

Anders as die Departemente Afrikaans en Nederlands en Engels, begin die Departement Duits derhalwe nie met klassieke werke nie, maar wel met heel moderne tekste en beweeg dan geleidelik na die ouer literatuur. Die tekste is ook nie noodwendig literêre kunswerke nie, maar sluit 'n wye verskeidenheid tekssoorte in.

### SOSIAAL-HISTORIESE AGTERGROND

Verder is die kursusse daarop gemik om die studente 'n sosiaal-historiese agtergrond van Duitsland te gee en sodoende geleidelik 'n verwysingsveld op te bou waarsonder 'n histories-kritiese beoordeling van tekste onmoontlik is.

Die Departement Duits is die enigste Duits-departement in Suid-Afrika en een van 'n handjievol oor die hele wêreld wat gebruik maak van empiriese resepsie-ondersoeke. "Die opvoedingsproses is 'n veranderingsproses. Wanneer die student by ons aankom, verkeer hy t.o.v. ons vak (die Duitse taal en literatuur), in 'n bepaalde toestand. Dit is ons pedagogiese opdrag om hierdie toestand te verander deur 'n opvoedingsproses te inisieer. Om die nuwe toestand te bepaal, is 'n kennis van die gegewe toestand noodsaaklik, en dit word verkry deur empiriese resepsie- en leser-ondersoeke."

### STUDENT SE EIE MENINGS

Hierdie ondersoeke gaan dus uit van die vraag:

**"Hoe verstaan hierdie Afrikaanssprekende student hierdie Duitse teks; hoe kom verstaan hy dit so en wat moet gedoen word om te verseker dat hy 'n toereikende begrip daarvan kan verkry?"**

Die student se eie menings vorm dus die uitgangspunt by die behandeling van literatuur in die klas. Die dosent gee slegs leidrade vir selfstandige en kritiese studie. Hy illustreer 'n gegewe begrip aan die hand van 'n bepaalde teks, maar in die eksamen word studente gekonfronteer met heeltemal onbekende tekste of met nuwe probleemstellings t.o.v. tekste wat reeds behandel is. Volgens prof. Kussler vind die studente hierdie aanbieding aanvanklik moeilik, maar namate hulle ontwikkel in die opvoedingsproses werp dit uitstekende vrugte af.

# *Mimiek*

AGT tweedejaar dramastudente voer op Woensdag 15 Augustus 'n mimiekprogram op. Die werk staan o.l.v. dr. Ben Dehaeck, lektor in Drama.

### KRONOLOGIESE VERLOOP

Die mimiek-program volg 'n kronologiese verloop vanaf die Griekse tydperk met rituele danse, Commedia dell'arte, Franse Pierot tot die Chaplin-styl. Die mimiek word opgevoer in die styl van elke tydvak.

### KELDER-TEATER

Die opvoering begin om 13h15 en sal in die Kelder-Teater van die Drama Departement opgevoer word. Toegang is gratis en almal is baie welkom!


**VERKOPING**
**van tweedehands**
**en NUWE FOTOGRAFIESE**
**toerusting.**
**Nou éérs aan die gang**
**by**



**EDRICH**
*Ryneveldstraat 34*
*Stellenbosch*
*Foon 5420*

# VLUGKELNER BAK POTTE

OP Dinsdag 31 Julie om 19h30 is 'n tentoonstelling van Johan du Preez, 'n vlugkelner van beroep, in die Vilka Gallery geopen. Dit is gedoen deur dr. Dora Steyn van Stellenbosch. Die uitstalling duur tot môre.

Pottebakker, skilder, dekor-ontwerper, noem maar op, Johan du Preez het feitlik elke kunsvorm al probeer en bemeester. Hierdie pottebakker van formaat is op Humansdorp gebore en het daar skoolgegaan. Hy vertrek hierna Johannesburg toe waar hy sy kunsopleiding aan die Kunsskool van Pretoria voltooi. Later word hy dosent aan die Kollege en gee ook privaatklasse by sy huis. By Truk werk hy deeltyds as dekor- en kostuumontwerper. Dit sien hy as een van sy interessanste en grootste uitdagings. Hy moes alles self doen; elke detail in 'n stel self ontwerp en vervaardig.

### VEELSYDIG

Sy uitstalling in die Vilka Gallery is 'n voorbeeld van veelsydigheid. Benewens pottebakkery is daar kunswerke van steenware, raku en skilderye teen 'n wit agtergrond. Op die oomblik eksperimenteer hy met porseleinware en noem dit sy "wolketema". In pottebakkery konsentreer hy veral op landskapskildering en kleureffekte op die verskillende kunswerke. Dit is veral hierdie werke, wat groot byval gevind het by die publiek. Hy is reeds vyftien jaar besig met pottebakkery en nooit is sy temas dieselfde nie. **Dit is baie selde dat hy 'n replika van 'n sekere kunswerk maak en om hierdie rede neem hy geen bestellings nie. Hy beskou dit as "dull" en die werk van 'n massaprodusent of fabrikant.**

Pottebakkery is 'n liefde, want in die professionele lewe is hy 'n kelner by die Air Lux Lugredery.

### VESTIG OP STELLENBOSCH

Tot op hede is hy 'n inwoner van Johannesburg maar gaan vroeg vandeesmaand na Luxemburg waar hy hom die volgende ses maande op pottebakkery gaan toelê. Die goeie nuus is egter dat wanneer hy aanstaande jaar terugkeer, hy beplan om hom hier op Stellenbosch te kom vestig. Daar is 'n moontlikheid dat hy pottebakkers-klasse sal aanbied.

Vir veel meer dinge as kuns, uitstallings en sy werk as kelner is daar voorwaar nie tyd nie, maar oor sy veeleisende lewe sê Johan du Preez: "I am having a ball."



*Steven de Groote, wat op 1 Augustus 'n baie geslaagde klavieruitvoering in die Endlersaal gelewer het. 'n Resensie van dié uitvoering verskyn op bl. 13. Hy sal op 7 September weer saam met sy gesin optree.*

## Blaasorkeste

DIE Universiteit van Stellenbosch se tweede jaarlikse Blaasorkesfees, waaraan nege orkeste uit die Wes-Kaap deelneem, word Saterdag 11 Augustus in die D.F. Malan-gedenksentrum op Stellenbosch aangebied.

Die orkeste wat optree, is die U.C.T. Wind Band, die Pollsmoorgevangenisorkes, die Jeugbrigade-regimentsorkes van die NG Sendingkerk in die Paarl, die orkes van die Hoër Jongenskool Paarl, die Helderberg College Band, die hoërskool-orkeste van Calitzdorp en Durbanville, die Cape Town Highlanders en die Universiteit van Stellenbosch-Blaasorkes.

'n Feesorkes, wat saamgestel is uit lede van al die deelnemende orkeste, sal ook optree.

Die Orkesfees begin om 19h30, en kaartjies teen R1,50 (R1 vir studente en skoliere) is beskikbaar by Johan Stander, Van Ryneveldstraat, Stellenbosch, telefoon 4626.



*Die Universiteit se blaasorkes o.l.v. dr. Paul Loeb van Zuilenburg.*

## kuns - kalender

**KONSERVATORIUM** (alle uitvoerings 20h00)
**11 Augustus:** Universiteitskoor. (20h15)
**24 Augustus:** Universiteitsblaaskwintet.
**7 September:** Kamermusiek — De Groote-gesin.
**23 en 30 Augustus:** Etensuurkonsert.
**6 en 15 September:** Etensuurkonsert.
**18 en 25 Oktober:** Etensuurkonsert.

**KAAPSE STADSAAL**
**16 Augustus:** Vioolkonsert (solis-Nina Bellina).
**23 Augustus:** Klavierkonsert (solis-Anne Queffelel).

**NICO MALAN-TEATER**
tot **11 Augustus:** *"Fiddler on the roof".* (20h00)
**1-25 Augustus:** *"You never can tell".* (20h15)
**13 Augustus:** Yonty Solomon. (20h00)
**15-18 Augustus:** Jeugmusiekfees 1979.

**H.B. THOM-TEATER**
**16-18 Augustus:** Aand van Moderne Danse. (20h15)
**27-30 Augustus:** Oppermanweek (13h15)
**5 Oktober:** Opperman-aand. (20h15)
**11-13 Oktober:** *Noag.* (20h15)
**18-20 Oktober:** *Noag.* (20h15)
**22, 23 Oktober:** Twee Eenbedrywe. (20h15)

**KELDER/KELLER**
**15 Augustus:** Tradisionele Mimiek. (13h15)
**24 Augustus:** Studente-projekte. (13h15)
**14 September:** Studente-projekte. (13h15)

**D.F. MALAN GEDENKSENTRUM** (19h30)
**11 Augustus:** Blaasorkesfees.

**FILMVERENIGING**
**Renoir-reeks (Sien onder)**

**KUNSUITSTALLINGS.**
**U.S. Kunsmuseum.**
tot **29 September:** S.C. Malan.
**Edrich — Vilka Gallery**
tot **11 Augustus:** Johan du Preez-pottebakkery.
**13-25 Augustus:** Martin Zaalberg-pottebakkery.
**27 Augustus-8 September:** Kobus Louw-skilderye.



*Bo:*
*Dirk Baard in* Die Beer, *een van die drie eenbedrywe wat die Libertas Toneelvereniging verlede naweek aangebied het.* Die Beer *is deur Anton Tjekhov teen die einde van die vorige eeu geskryf. Dié stuk asook* Drie Dae Meester *('n sotterny uit die Middeleeue soos verwerk deur H. Teirlirck) is deur die Onderwyserskollege Paarl opgevoer. 'n Derde stuk,* Vlot ter See, *is deur Stellenbosse dramastudente opgevoer. Die Poolse dramaturg, Slawomir Mrozek, lewer verdoemende kommentaar oor sosiale wanpraktyke in dié absurde stuk.*

# RENOIR-REEKS

IN die sterfjaar van Jean Renoir is 'n filmreeks van dié groot regisseur gepas. James Monaco skryf: "Jean Renoir towers over the French film scene of the 1930's. In his films he created a new fusion of modes that combined humanism with realist technique. The effects of his humane, politically sensitive, drolly comic style are still being felt."

**Ma. 13 Aug.** *Grand Illusion* (1938). 'n oorlogsontsnappingsdrama met die tema dat die wêreld eerder vertikaal as horisontaal verdeeld is. *The Little Theatre of Jean Renoir* (1969) — "a work which brings into play Jean Renoir himself, raconteur of the theatre and of life, each reflecting each other." (Bazin)

**Do. 16 Aug.** *Le Crime de M. Lange* (1936) — "a sort of parable about the dishonesties and dissimulations of public and private life in France at the time" (Bazin). *The Lower Depths* (1936) — "In this film we see a remarkable gallery of dissatisfied, fiercely individualist, nicely revolutionary characters, more sociable than socialist, whose unusual situations allow us to experience if not to judge the human condition" (Bazin).

**Sa. 18 Aug.** *The Human Beast* (1939) — "The film is a tragedy, but the metaphor for the fate which destroys the hero is not the rotten blood of the Rougen-Macquart family as it was in Zola's novel; it is the locomotive." (Bazin) *Elena et les Hommes* (1956) "is the ultimate extension of Renoir's feeling for the theatre". (Bazin)

*Onder:*

*Die Universiteitskoor tree môreaand om 20h15 in die Endlersaal op. Besprekings kan by Edrich gedoen word. Dié uitvoering volg op 'n hoogs suksesvolle buitelandse toer. In Salzburg is die koor selfs bestempel as die beste wat nog daar opgetree het.*



# DRANKMISBRUIK; 'N GROEIENDE EUWEL

ELBERT UYS

**IN die afgelope aantal jare het drankmisbruik op Stellenbosch só toegeneem dat daar van owerheidsweë gereeld planne beraam word om dit te bekamp. Daarmee saam het die universiteit 'n knou onder die publiek gekry wat dalk nooit weer reggestel kan word nie. Miskien is die stelling te kwaai, maar hopelik word dit eendag verkeerd bewys.;**

Suid-Afrikaners gee jaarliks miljoene rande uit op drankaankope en sommige hotelle erken hulle maak net daaruit 'n bestaan. Drankverbruik het onlangs nuwe rekordhoogtes bereik, maar terselfdertyd word drankmisbruik 'n moeilik hanteerbare sosiale probleem.

As ons die soeklig op hierdie kampus laat val, is dit onrusbarend om te sien hoe gesonde jongmense verander in hulpelose kreature. Dames ook, omdat die Matiemeisie wat veral by "spesiale" geleenthede saam met die manne drink, 'n gereelde verskynsel word.

### PUBLIEK

Ongelukkig is dit so dat die publiek na die Matiestudent opkyk as 'n voorbeeld van 'n Universiteit met tradisioneel 'n goeie naam. Dit ontstel in mens om die skok en teleurstelling in besoekers se oë te lees wanneer 'n Matie sukkel om regop te bly, en nie eens met Karnaval die bejaarde toeskouer van die ander studente kan onderskei nie.

**Daar word elke jaar vóór Karnaval en Intervarsity 'n beroep gedoen op studente om hulle nie aan drankmisbruik skuldig te maak nie. Gereeld word die versoek geïgnoreer.** Daar word selfs verder gegaan deur die onwillige in die stroom op te neem, en hom so een van die "boys" te maak. Gewoonlik is dit hy wat die ergste daarvan afkom.

In gesprekke met studente blyk dit dat die meeste een of ander tyd 'n drankie neem, waarvan 'n klein persentasie gereeld 'n oormaat gebruik. Dit geld vir albei geslagte. Dit word ook duidelik dat meer meisies as ooit met vrymoedigheid 'n restaurant-kroeg soos DE AKKER besoek.


### ONGELUKKE

Die afgelope drie jaar is studente omgery of was hulle in ongelukke betrokke — sommiges noodlottig, ander ernstig. **Ons hier op Stellenbosch wat al sulke tragedies beleef het, miskien omdat die bestuurder onder invloed was, behoort 'n oomblikkie stil te staan en ons af te vra: Is dit die moeite werd?**

Moet ons dinge hul gang laat gaan en die duur prys sonder kla betaal? Dit sal 'n kwade dag wees as ons gaan toelaat dat menselewens vernietig word; dat blanke studente deur anderskleuriges dronk gesien word; dat selfs die publiek van wie ons afhanklik is, moet deurloop, ongeag wat hulle daarvan mag dink.

Wat die SOSIALE-REDAKSIE op hierdie bladsy beoog is nie om te veroordeel nie. Ons wil ook nie afskaffers kweek nie. Geniet die drankie na 'n wedstryd. Geniet dit ook op 'n partytjie.

Voor 'n mens egter 'n tweede of derde neem, moet die vraag gevra word of dit die moeite werd is en of dit die Universiteit op die lange duur tot eer sal strek.



*Potensiële dronkies word gou deur 'Kampus' se fyn neus uitgeruik. Hier pik die blitspatrollie 'n slagoffer op om hom na die kerker in Merrimanlaan te neem.*



*Hierdie vrolike ouens is onlangs in een van Stellenbosch se gewildste drinkplekke afgeneem. Hulle is dit eens dat 'n biertjie op sy tyd net die regte ding is om 'n bedrywige dag mee af te sluit.*

## Dopsteek hou die kroeë vol

DIE bestuur van die Coetzenburg Hotel en die Drostdy-Herberg Hotel het altwee gesê dat hulle oor die algemeen geen ernstige probleme met vandalisme deur dronk studente op hulle perseel ondervind nie.

Mev. Viljoen is sedert 12 Julie assistent-bestuurderes van die Coetzenburg Hotel. Sy sê dat 75 persent van haar kliënte in die hotelkroeg studente is. Mev. Viljoen glo dat wangedrag hanteer kan word as die houding van die bestuur redelik is. Studente is baie behulpsaam en as daar moeilikheid is, sal hulle die oortreders self uitgooi.

**Mnr. Melck, bestuurder van die Drostdy-Herberg Hotel, het gesê studente is verantwoordelik vir meer as vyftig persent van die omset in die kroeg.** Hy het gesê sy ondervinding is dat studente oor die algemeen volwasse optree. Voorvalle van wangedrag vind veral plaas tydens Karnaval en rugbywedstryde, maar dit is niks ernstigs nie en die fout lê nie noodwendig by die studente nie. Mnr. Melck het daarop gewys dat die meerderheid van studente nie sterk drank gebruik nie maar eerder bier, wyn en miskien 'n likeur.

## Dronk Is "Uit"!

WAT dink die damesstudente van dronk mans? 'n Vraag wat elke damesstudent haarself moet afvra is of sy dit aanvaar of nie. Die amper eenparige antwoord is: Nee, volstrek nie!

Namens die dames: "Moet ons nie verkeerd verstaan nie. Ons gee regtig nie om as daar dopgesteek word nie. Ons maak selfs mee aan die plesier. Maar waarom moet party mans altyd te ver gaan? Wat hulle nie besef nie is dat ons geen respek het vir 'n man in 'daardie' toestand nie.

Ons geniet die serenades in die nagtelike ure. Die man wat eensaam daar sit met sy kitaar en wat sy liefdeslied aan die maan verkondig. Dit is hartroerend en sentimenteel. **Maar dan kom die gillende, giggelende mans wat sleeptong aanmerkings skree by die vensters. Ons wonder of hulle werklik dink ons geniet dit om só gewek te word.**

Geleenthede soos karnaval, trapkarre en vloerpartytjies word hopeloos te veel uitgebuit. Na ons mening word daar te min sobere aandag aan die metgesellin geskenk. Word ons saamgenooi om te aanskou hoe die een drankie na die ander weggeslaan word? In daardie geval verkies ons die verslankende seksie-partytjies van ons koshuise.

Somer begin weer naderkom en die "bikinis", "paddle-ski's" en "surfboards" word weer opgeknap. Bikini-beach is die algemene koers en Hotel Gordonia moet sy voorraad verdubbel om voor te bly met die verkope. Daardie stoepe word deurgesit en hoe die mans daarna Stellenbosch vind weet nugter alleen. Ons moet dan die aand óf met 'n hoofpyn óf met 'n té liefdevolle man opgeskeep sit. Daarna word van ons verwag om liefies te glimlag en te sê: Dankie vir die heerlike, fantastiese aand!

Genoeg gekla. Ons dink Stellenbosch het die 'smartste' wolwe van alle kampusse, want hulle is waarlik sjarmant. Hulle mag drink, maar kan hulle nie effens matiger wees nie?"



*Hier verskyn die senior redaksie van Die Matie vir die 1978/1979 termyn. Die hoofredakteur, Louis Heyneman, sit in die middel voor. Die nuwe redaksie is aan die einde van verlede semester aangestel.*


'N ALLIED-SPAARREKENING IS NIE NET VIR SPAAR NIE!



**'n Gewone Allied-Spaarrekening is eintlik 'n "Geriefrekening" want u geniet hierdie 10 gerieflike voordele:**

1. **Gerieflike onttrekkings** — by enige tak of agentskap, na geskikte identifikasie.
2. **Gerieflike trekfasiliteite op vakansie** — daar is 'n Allied-tak naby u, waar u ook al in die land rondreis.
3. **Gerieflike oorplasings** — maandelikse betalings van subskripsie-aandele of huisverbande kan gereël word.
4. **Gerieflike, gesamentlike rekenings** — egpare kan 'n rekening gesamentlik of afsonderlik gebruik.
5. **Gerieflike diens aan dames** — al is u in gemeenskap van goedere getroud, kan u 'n rekening sonder u man se magtiging open.
6. **Gerieflike rekening vir minderjariges** — almal ouer as 16 kan 'n rekening open en gebruik sonder magtiging van hul ouers of 'n voog.
7. **Gerieflike inbetaling van salaris** — vra u werkgewer om u salaris regstreeks in u spaarrekening in te betaal.
8. **Gerieflike kostebesparing** — geen grootboekgelde of ander koste nie.
9. **Gerieflike spaarboekie** — u weet altyd presies hoeveel u in u rekening het.
10. **Gerieflike manier om te begin spaar.** U kan met slegs R1 begin. Die maksimum perk vir 'n spaarrekening is **R25 000.**

Besoek binnekort enige Allied-tak en benut al die geriewe van 'n spaarrekening by ons.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.

Bates oorskry R1 600 000 000

Die Matie
Vrydag 11 Augustus 1979

# LEIERS WORD GEKWEEK

STELLENBOSCH kry weer eens die geleentheid om sy leiers vir die komende termyn te kies. Allerweë word daarop geroem dat Matieland Suid-Afrika se beste leiers produseer. Aan voorbeelde van sulke "Groot geeste" ontbreek daar nie in die verlede nie.

Hoewel die grondslag vir leierskap seer sekerlik in die ouerhuis gelê word, is dit op Stellenbosch waar die jongmens eers werklik sy potensiaal ten volle ontdek. Dit is hier aan die universiteit waar studente, dikwels vir die eerste keer, willekeurig of onwillekeurig betrek word by gemeenskapsaktiwiteite, dit is hier waar hul begeesterd raak om diens aan die samelewing te verrig. Deur die "cursus honorum" (Soos die ou Romeine sou sê) stap vir stap te volg, maak die potensiële leier sy opgang in die hiëragie en put daaruit 'n selfbevrediging wat net hyself werklik kan verstaan. Soms is ambisie die dryfveer tot groter welslae en soms is dit slegs harde werk.

Die ontnugtering is groot as die boonste sportjie van die leer aan skerwe spat. Dit is wat deesdae gebeur met ons Studenteraad.

Die uitdaging om diens te lewer word vervang deur frustrasie. Die entoesiasme en ondernemingsgees word gedemp deur die strome van kritiek wat voortdurend teenoor die SR as liggaam uitgespreek word. Die afgelope twee termyne het bewys dat die massa al te gou bystaan as daar slae uitgedeel word.

Hiermee sê ons nie dat studente nie skepties moet staan teenoor dinge wat hul pla nie. Dit is 'n goeie teken as 'n jongmens bereid is om kritiek te lewer, dit is sy prerogatief en plig om te verskil waar nodig. Sekere newe-effekte word egter opgemerk waar bogenoemde situasies hand-uit ruk. Potensiële leiers word versigtig om hul kop uit te steek. Hulle raak huiwerig en weifelend in hul optrede. Kompromieë word gedurig vooropgestel ter wille van balans.

Dit het die aantreklikheid van die Studenteraad geknou. Hoewel die SR as liggaam die afgelope aantal termyne tot 'n mate te blameer is vir sy lompe optrede, is die tendens grotendeels aan oorbodige kritiek te wyte.

Dit is nou eenmaal so dat iemand die werk moet doen (al is dit ook net die administratiewe deel van die saak). As die ware leiers van Stellenbosch nie bereid is om 'n verlore stryd aan te pak nie (daar is veel beter dinge om te doen), sit ons met minderwaardige persone in die hoogste posisies. Hoe sal Stellenbosch dan sy stempel op die res van Suid-Afrika kan afdruk?

Laat ons leuse wees: *Kies reg – dan sal daar minder kritiek te lewer wees.*

# ONBAATSUGTIGE DIENS

*Die Matie* wil die uittredende Studenteraad en sy voorsitter, mnr. Jan de Wet, bedank vir hul onbaatsugtige diens aan Stellenbosch gedurende die afgelope termyn. Ons glo dat hulle, in alles wat hulle gedoen het, of dit nou 'n sukses was of 'n mislukking, steeds gepoog het om die belang van Stellenbosch eerste te stel.

REDAKSIE 1979

HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Concord 24 (tel 73845)(Redaksiekantoor tel nr 5979)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: COENRAAD PIETERSE, Eendrag (tel 2136/7/5)
AKTUELE REDAKTEUR: FRANCOIS VAN DER MERWE, Huis Marais (tel 2234)
ADVERTENSIE BESTUURDER: PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (tel 2101)
TAALREDAKTEUR: KOBUS LOUW, Huis Slabber (tel 2100)
INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: LEROI STEENKAMP, Dagbreek (tel 3633)
KUNSREDAKTEUR: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 (tel 6330)
NUUSREDAKTEUR: ANTON KRUGER, Jonkershoekweg 29 (tel 3527)
SOSIALE REDAKTEUR: IAN THERON, Silvertrees (tel 2122)
SPORTREDAKTEUR: ARI OBERHOLZER, Majuba 305 (tel 2010)
SUB-REDAKTEUR, INTER-UNIVERSITÊR: K. SIEBERHAGEN, Eendrag (tel 2101)
SUB-REDAKTEUR, KUNS: J. DE V. PIENAAR, Huis Visser (tel 2086)
SUB-REDAKTEUR, NUUS: DEON LOUBSER, Stellenbraak en A.D. VAN NIEKERK, Hoflaan 12 (tel) 5243)
SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL: E. UYS, Eendrag (tel 2101)
SUB-REDAKTEUR, SPORT: ANNE-LISE LAMONT, Nemesia (tel 7150) en B. ZIETSMAN, Eendrag (tel (2101)
HOOFFOTOGRAAF: MARIUS GREEFF, Van Riebeeck 40 (tel 4349)
INTER-UNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: J.J. Nortier, S.F. Saaiman, D.M. Jacobs, H. Greyling, F.du Bois.
KUNSVERSLAGGEWERS: L. Maas, A. Roussouw, L. Jacobs, R.M. Sater, K. Vermeulen, E. van Niekerk.
NUUSVERSLAGGEWERS: F. de Jager, J.W. Roos, P. Stais, P.van Niekerk, R. Kotzé, C.L. van Schalkwyk, T. Swart, J.A. Marais, C.F. Nicholson.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: A.J. Mouton, L. Odendal, K. Herselman, M. Alexander, C. Engelbrecht, A. du Toit, P. du Toit, R. Loubser.
SPORTVERSLAGGEWERS: H. Volkman, N.E. Lambrecht, E. Lourens, A. Viljoen, J.E. van der Spuy, J.J. Spamer, H. Oosthuizen.
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos Botha.
FOTOGRAWE: W. van der Westhuizen, C. Sippel, C. Fouché.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie, H/v Bosman en Victoriastr (tel 6523)

# Uit die Studenteraad




FRANCOIS VAN DER MERWE

IE verwelkomingsplegtigheid vir die nuwe Rektor en Vise-rektor, proff. De Vries en De Villiers is met groot waardering ontvang. In gloeiende bedankingsbriewe maak beide prof. De Vries en die Vise-kanselier, dr. Gericke, melding van die besondersheid van hierdie geleentheid. Prof. De Vries was beïndruk met die flinke organisasie van die plegtigheid en spreek sy waardering uit vir die mooi optrede van die talle studente wat deelgeneem het. In sy brief vermeld hy die "betoging" en aanvaar dit duidelik in die goeie gees waarmee dit bedoel is.

Dr. Gericke meen dat hy die verwelkomingsplegtigheid lank sal onthou as een van die mooiste in sy lang verbintenis met Stellenbosch. Dit is nietemin jammer dat so min studente, slegs sowat negehonderd, die geleentheid bygewoon het. Met hierdie mooi plegtigheid het die SR duidelik die beste belange van die studente-unie verteenwoordig en het dit sekerlik beter ondersteuning verdien. Daar is egter miskien ook 'n les te leer vir studenterade in die apatie waarmee hierdie plegtigheid bejeën is. 'n SR het naamlik ook 'n duidelike verantwoordelikheid met betrekking tot die aanbieding van plegtighede van hierdie aard wat in die verlede afgeskeep is ten koste van oënskynlik groter prioriteite.

### VERSLAE

Die onderskeie portefeulje-verslae is by die mees onlangse SR-vergadering ter tafel gelê en vlugtig bespreek. Aandag is veral geskenk aan die talle aanbevelings wat in die verslae vervat is en waar dienlik sal sodanige aanbevelings aan die nuwe SR oorgedra word of reglementêr vervat word. Aangesien SR-lede by 'n latere geleentheid verslag van hulle werksaamhede in *Die Matie* sal doen, word hier net vlugtig na enkele interessanthede verwys.

### DIENS

Soos met eie-verslae, word die suksesse en dit wat oor die algemeen gedoen is, dikwels sterk beklemtoon, terwyl dit wat ongedaan was, verswyg word. Dit staan egter bo enige twyfel dat verskeie SR-lede die hoogste lof verdien vir uitstekende diens aan die studente-unie. Alhoewel hierdie lys nie volledig kan wees nie, dink 'n mens hier aan die totstandkoming en uitbreiding van Radio Matie, die goeie begin van die Komitee vir Politieke Studie, verskerpte inter-universitêre skakeling en talle voorbeelde van uitstekende organisasie, soos bv. Intervarsity.

In die verslag vir die Intervarsity-portefeulje word daar aan die hand gedoen dat die moontlikheid van 'n nuwe kreet en universiteitslied vir Stellenbosch ondersoek behoort te word. Dit kan aanleiding gee tot 'n interessante polemiek. Die probleme wat ervaar is met persskakeling, blyk uit die verslag vir openbare betrekkinge en die nuwe SR sal onverwyld hieraan aandag moet skenk. Die SR kon soos sy onmiddellike voorgangers, geen sinvolle skakeling met die Universiteit van Wes-Kaap bewerkstellig nie en dié toestand sal seker bly voortbestaan tot tyd en wyl daardie instansie sy offisiële houding verander.

Die pogings om 'n nuwe organisasie te stig waarbinne Stellenbosch skakeling met die studente van ander kampusse kan realiseer, was tot nou toe onsuksesvol. Dit is egter nie duidelik of dit aan 'n gebrek aan poging of die onwilligheid van ander kampusse te wyte is nie. As 'n laaste interessantheid, het 'n verslag waarin die skrywer nie minder as vyf-en-twintig keer na homself verwys nie, opgeval. Dit is duidelik dat die menslike natuur dikwels maar min verander.

### EREKLEURE

Enkele mosies is op die vergadering aanvaar. Reglementêr is dit nou moontlik dat daar jaarliks erekleure aan 'n uitstaande oud-Matie toegeken sal word vir prestasies gelewer nadat Stellenbosch verlaat is. Mnr. B.J. Vorster word vanjaar op hierdie wyse vereer. 'n Mosie waarin gevra word dat Radio Matie onderhoude met die SR-kandidate mag uitsaai, word afgekeur. Dit sou feitlik onmoontlik wees om bevoordeling van die een of ander aard van sommige kandidate af te wend.

# Eddie sê sy Studente het verander

MATIE – GESPREK

FRANCOIS VAN DER MERWE GESELS MET



MNR. ABRAHAM HERCULES

**Francois van der Merwe** het vandeesweek met **mnr. Abraham Hercules** of Eddie, soos hy onder studente bekendstaan, gesels. Die gesprek met hierdie alombekende vrugtehandelaar van die kampus, het o.a. gegaan oor sy verblyf hier en sy indrukke van die studente-lewe.

*Hoe lank verkoop u al vrugte aan studente hier op Stellenbosch?*

Ek het in 1959 hier begin, d.w.s. nou al byna twintig jaar gelede. Eers het ek 'n mandjie met 'n band om my nek gedra. Dinge was toe ook heelwat anders as vandag. Die universiteit was nog nie so groot nie; slegs sowat 5000 studente en daar was ook baie minder geboue as nou.

*Verskil vandag se studente van dié van vyftien of twintig jaar gelede?*

Maar natuurlik, soos dag van nag. Hulle lyk sommer baie anders. Die Maties se hare is vandag baie langer as toe, sodat jy nie weet nie. Wanneer jy van agteraf kyk, moet jy jou kop krap, want anders weet jy nie wie's die nooi en wie's die Matie nie. Dit is eers as jy haar patroon van voor kyk, dat jy darem kan sien dis 'n dame.

Toe is daar ook baie netjieser aangetrek. Jy kon sommer sien as 'n Matie gaan 'call'. Hy het sy pak aan en sy boordjie is gestyf. Maar nou sê hulle sommer ons gaan vanaand disco toe of 'n bietjie drink of 'n koffie-aand hê en dan gaan hulle netso met 'n jean en 'n hemp. Daar is mos niks lekkerheid aan so nie. 'n Man moet darem mooi lyk as jy na iemand anders se plek gaan.

*Lyk dit vir u of studente vandag meer geld het as destyds?*

Ja, dit is sekerlik so. Daardie tyd het hulle met vragmotors see toe gegaan en nie elkeen met sy eie kar nie. Daar was toe maar nog min karre want elke ouer het nie vir sy kind 'n kar gegee nie. Jy kon selfs nog die karre tel ook en dit terwyl karre nog baie goedkoop was en 'n man sommer een uit sy agtersak kon koop.

### FOOITJIE

Toe het die ouers nie die geld in die bank gesit nie, maar elke maand 'n tjek gestuur. Dikwels kom die studente na my toe en sê hulle is platsak en vra of ek nie 'n pond of vyf pond kan leen nie vir geld vir 'n fliek. Wanneer die tjek dan kom en hulle weer reg is, kry ek my geld en nog 'n fooitjie, sikspens of oulap, ook.

*Dit skyn asof daar 'n besondere vertrouensverhouding tussen u en u klante bestaan.*

### EERLIK

Ek laat dikwels my stalletjie en geld alleen staan want ek weet hulle sal nie 'n sent van my vat nie. Die studente is baie eerlik. Ek sê altyd aan hulle dat hulle die toekoms is en die span wat môre sal regeer. So kom 'n Matie na die vakansie terug en sê hy skuld my nog vyf sent van laasjaar en dan kry ek dit. Hierdie is die Maties wat ver in die lewe gekom het.

**'n Eerlike lewe is 'n harde lewe, maar as jy oneerlik lewe, sê die spreekwoord, 'it is quick money making, but it is quick going too'. As 'n mens die waarheid praat, kan jy dieselfde dinge weer môre en anderjaar sê, want sien, dis die waarheid wat jy gepraat het.**

*U het oënskynlik baie vriende onder die studente.*

### BETOGING

Ag, dit is skoon 'n plesier. Met daardie betoging wat ons vroeër vanjaar gehad het, het ek mos gehuil. Dit was van trotsheid om te sien al die blanke vriende wat ek het, en dit vir 'n Slam of Kleurling. Jy voel sommer of jy die *prime minister* van die Universiteit is. Ek het nie so baie Kleurling- of Slamse vriende nie. Ek was daardie dag skoon hartseer van blyheid. En die wat my agterna gekry het, het nog vir my gesê dat hulle baie spyt is dat hulle nie van die betoging geweet het nie.

*Behandel die studente u goed?*

Heerlik, dit is 100%. Hulle betoon 'n persoonlike respek vir my. Ek dink hulle is selfs nou meer beleef as destyds. Dit gaan ook nou anders in Suid-Afrika as toe. 'n Blanke man bly 'n blanke man en 'n Kleurling 'n Kleurling, maar ons het respek vir mekaar. Apartheid het dit ongemaklik gemaak, maar nou is daar meer saamwerk as tien jaar gelede, byna soos dag van die nag. Ons is nou eensamig.

### TELEURGESTELD

**Ek het nog nooit iemand gehad wat hier lelik met my was nie. Eenkeer het iemand druiwe by my gevat en toe weggeloop toe ek hom roep. Ek was baie kwaad en teleurgesteld.**

*Hoe lank sal u nog vrugte aan die Maties verkoop?*

### AFTREE

Ek sal nog bly tot ek op pensioen gaan so teen 1985 wanneer ek 63 sal wees. Niemand sal my opvolg nie. Ek is nou hier met spesiale verlof van die Stadsraad. Die Rektor het ook gesê dat ek maar kan bly omdat ek deel van die Universiteit geword het, maar dan moet rondbeweeg. As ek aftree sal niemand anders verlof kry om hier te smous nie. Al die jare wat ek hier gestaan het, was ek onwettig. Hulle het egter 'n 'blind eye' op my 'geturn' soos hulle op Engels sê.

# Student moet besin oor menseregte

DIE student moet ook begin besin oor die idee van beter menseregte vir almal." Dit was Dr. Loewenstein se boodskap aan 'n groepie staatsleerstudente en -dosente op Vrydag, 27 Julie by die departement van staatsleer.

Dr. Loewenstein, een van die lede van mnr. Jimmy Carter se kommissie van ondersoek oor menseregte, het 'n praatjie gelewer waarin hy o.a. 'n paar redes verstrek het waarom die Carter-administrasie so baie klem lê op die idee van *beter menseregte vir almal.*

### HOOFREDES

Een van die hoofredes is, wat hy genoem het, *To reduce suffering;* met ander woorde, om die lyding van miljoene mense te probeer verlig. Hy het spesifiek verwys na dit wat as gevolg van diskriminasie met sommige minderbevoorregdes gebeur. Die idee is verder om mense aan die dink te probeer kry sodat hulle op grond van hul morele oortuiging meer regte aan onderdruktes begin verleen.

Volgens Dr. Loewenstein word Suid-Afrika deur diegene wat hulle vir menseregte beywer bo baie ander lande uitgesonder, omdat hier nog 'n rituele klasseverskil bestaan op rassegrondslag. Dit wek kommer, aangesien die wêreld nog nie van Hitler, sy rasse-vooroordeel en die grusame gevolge vir Hitler self, sy slagoffers en die wêreld vergeet het nie.

### BESIN

Dit is, volgens Dr. Loewenstein, baie belangrik dat die student ook oor die kwessie van menseregte moet besin, aangesien die student die volwassene van die toekoms sal wees.



*Die N.P.-Studentetakke het onlangs gereorganiseer vir die termyn 1979-80. Op die foto verskyn die verskillende pryswenners uit die vorige termyn saam met Marius Heyns (voorsitter skakelkomitee), Sen. Adrienne Koch en Min. Hennie Smit (L.V. vir Stellenbosch) (Sien berig onder aan bladsy).*

# *Scientificus '79 — Sukses*

DIE gees van vernuwing wat vanjaar in die Wetenskapvereniging posgevat het, het gelei tot die sukses van die Wetenskapweek wat tussen 23 en 28 Julie van stapel gestuur is. Hierdie week, wat onder andere uitstallings in die Langenhoven Studentesentrum asook verskeie ander bedrywighede ingesluit het, het groot belangstelling onder die studentegemeenskap gewek.

Daar is gepoog om die besoeker se belangstelling in die studierigtings van die Fakulteit van Natuurwetenskappe te prikkel. Hier het die uitstalling veral 'n groot bydrae gelewer. Verskeie Universiteitsdepartemente, privaatinstansies en die Nasionale versnellerinstituut van die WNNR het van hulle bedrywighede hier ten toon gestel. Die uitstallings is so aangebied dat selfs die leek dit kon verstaan.

Vir diegene wat groter belangstelling getoon het, is daar veel meer gebied. Gedurende die etensuur is daar films van wetenskaplike aard vertoon, terwyl daar saans aktuele besprekings gehou is rondom die tema "Die Wetenskaplike se verantwoordelikheid teenoor die omgewing".

Onderwerpe soos die invloed van kernenergie op die omgewing en die benutting van die see as alternatiewe energiebron, is aangeraak.

Gedurende twee dae het sommige van die departemente van die fakulteit hul deure oopgegooi vir besoekers. Dinge soos die elektronmikroskoop, waarvan die man in die straat net lees en hoor, was hier in werkende toestand te sien.

Alles was darem nie net werk nie want Scientificus '79 is op gesellige wyse met 'n dans in die Sanlamsaal afgesluit.

Sowat 4 000 mense het aan die bedrywighede van die week deelgeneem. Die Wetenskapvereniging hoop om hierdie 'n jaarlikse instelling te maak en dat belangstelling in die toekoms steeds sal groei.



*Susan Vorster is onlangs tot Mej. Handel verkies. Voor v.l.n.r. Boo Borcherds, Susan Vorster (Mej. Handel), Cruisa van der Westhuizen. Agter v.l.n.r. Marianne Eksteen, Marietjie Visser, en Elsa van Graan.*

# NP REORGANISEER

DIE jaarlikse reorganisasievergadering van die Stellenbosse Nasionale Party-Studentetakke is gehou op Woensdag, 1 Augustus in die voorportaal van die D.F. Malan-Gedenksentrum.

Die verkiesing van die nuwe besture het by dié geleentheid plaasgevind. Die volgende takbesture is gekies: Papegaaiberg se nuwe voorsitter is Steera Goosen met Nico Smit as ondervoorsitter, Gerhard Claasen is die voorsitter van Eikestad en die ondervoorsitter is Pieter Basson. Marius Heyns is as voorsitter van die Hennie Smit-tak herkies. Die ondervoorsitter is Kurt Balzun.

### TROFEË

Die oorhandiging van trofeë aan koshuise en wyksraadslede wat presteer het, het ook by die geleentheid geskied. Helderberg het die beker ontvang vir die manskoshuis met die meeste inskrywings. Jan van Wyk het die beker in ontvangs geneem. Anne Caarstens het namens Denneoord die beker ontvang vir die dameskoshuis met die meeste inskrywings.

Die meeste individuele inskrywings onder die mans is gedoen deur Adriaan Haasbroek van Huis Visser. Jan van Wyk van Helderberg het die tweede meeste inskrywings verwerf. Die beker vir die dame met die meeste inskrywings is verower deur Hannetjie Kotze van Harmonie. Trudie Uys van Rozenhof was tweede.

# *MARXISME — LENINGSME; INVLOED OP AFRIKA*

MARXISME kritiseer die kapitalisme deur onderskeid te maak tussen meester en slaaf, het prof. Degenaar op 'n vergadering gesê. Dit verdeel die Westerse gemeenskap in twee klasse, nl. die besittersklas of eienaars, en die werkersklas.

Dit is die taak van die werkers om bewus te word van hul veronregte, benadeelde-mens posisie. Hulle moet die struktuur van die gemeenskap deur rewolusie omverwerp. Die diktatorskap van die minderheid moet die onderspit delf.

**Marxisme-Leninisme is die voorstander van 'n diktatorskap deur die party. Dit beklemtoon die onvermydelikheid van geweld en rewolusie in die verwesenliking van hul doel. Prof. Degenaar het die implikasies van bogenoemde sienings in Afrika vir Suid-Afrika onder vier hoofde saamgevat, nl. Ideologie, Klas, Politiek en Rewolusie.**

Sentraal in Marxisme is die konsep van regverdigheid. Dit is juis hierdie konsep wat Marxisme so aantreklik maak vir mense wat onder druk verkeer. Ekonomie speel 'n beslissende rol in menseverhoudinge. Ekonomiese regverdigheid is dus van die uiterste belang. Daar word baie druk op S.A. in dié verband uitgeoefen. Marxisme word voorgehou as die middel tot ekonomiese regverdigheid.

### SUID-AFRIKA

Hoe lyk S.A. binne die Marxistiese model? S.A. word beheer deur 'n regeringsklas wat 'n valse bewussyn weerspieël. Die regering sien sekere dinge oor die hoof, hoofsaaklik omdat dit in sy eie belang is. In plaas van te erken dat hulle as blankes die politieke-, ekonomiese- en sosiale mag wil behou, gaan hul voort met besprekings van konsepte soos Christelike waardes, Westerse beskawing en die idee dat die identiteit van die witman beskerm moet word.

Die begrip klas verwys na 'n gaping tussen groepe mense wat betref dienste, besitterskap, produksie, aansien, ens. Daar bestaan m.a.w. 'n regeringsklas en 'n werkersklas. **In S.A. word hierdie situasie vererger deur die feit dat die klasse-onderskeid in der waarheid op 'n basis van rasse onderskeid getref word.**



PROF. DEGENAAR

**Die konflik veroorsaak deur die bestaande klasseverskille is die basis van die Suid-Afrikaanse politiek. Prof. Degenaar het daarop gewys dat 'n rewolusie van reeds genoemde aard nie onmoontlik is in S.A. nie. Dit verg nie alleen ons volle aandag nie, maar is ook 'n roepstem tot helder denke en voortdurende waaksaamheid.**

Prof. Willie Esterhuyse van die dept filisofie het ook aan die bespreking deelgeneem. Sy bydrae was hoofsaaklik om kommentaar te lewer op Prof. Degenaar se stellings.



*Mnr. Chris van der Merwe, bestuurder van die plaaslike tak van die United Bouvereniging, oorhandig 'n donasie van R5 000 aan mnr. Piet Lombard, direkteur van ontwikkeling, aan die Universiteit van Stellenbosch. Op die foto verskyn v.l.n.r. mnre. Piet Lombard, Chris van der Merwe en Willem Lubbe, voorsitter van die plaaslike raad van die United Bouvereniging.*

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

HAUM
Die student se boekwinkel
Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600
Posbus 343
TEL. 4440 2906

# perspektiewe en dinge

MATIE-PEILING en meningspeiling, van waar Gehasi? "Hierdie is 'n baie regse bladjie. *Die Matie* staan links van links." Nou hoe op aarde gaan jy hierdie twee pole bymekaar uitbring? Hoe word hulle ge-akkomodeer binne een bepaalde denkrigting?

Die mens is basies egoïsties en selfsugtig. Hy is ook selfsugtig wat betref sy eie mening waarvoor hy immers nie bang hoef te wees nie. Maar meer nog, elkeen wil sy eie bevrediging put uit *die Matie* wat maar net kan probeer om sy lesers sover moontlik tevrede te stel. Laasgenoemde is natuurlik menslik en prakties onmoontlik op Stellenbosch. Kritiek sal daar altyd wees. Opbouend of afbrekend, solank dit net daar is, het jy die wete dat iets raakgesien word en nie maar gewoon by die massa verby gaan nie. Maar ons moet versigtig wees om in ons kritiek nie die saadjie van 'n bona fide poging dood te smoor nie. Oordeelkundige toepassing van kritiek, veral teenoor die regte instansies is soos 'n goeie onderlaag vir Pienk Piet. Pienk Piet is deel van ons erfenis wat bewaar moet word. Ou dinge, goeie dinge, tradisionele dinge – soos die *Plaza*.

Die *Plaza* moet bly soos hy is; trouens 'n verandering sal fataal wees. Behou die goeie uit die verlede. Eendag, liewe leser, sal dit u voorreg wees om aan daardie pikkie te vertel: "Die *Plaza* is nie dieselfde as die film nie ten minste drie of vier keer breek en dan weer 'n paar tonele verder as waar dit-gebreek het hervat word nie." U kan tog nie alles in die lewe gerieflik en gemaklik wil hê nie. Ja goed, as u geld het en dit kan bekostig is dit 'n perd van 'n ander kleur. Aan die ander kant weer; geld is nie alles in die lewe nie, maar tog los voor dit wat tweede kom. Soms dink ek dis die materiële dinge in die lewe wat 'n wesentlike rol speel, indien nie bepalend van jou lewe nie. Materialisme – miskien in 'n mate die moeite werd. Dis tog die spil waarom alles draai.

**coenraad pieterse**

"Ons ou seun gaan soos 'n koning leef. Ons gaan hom alle kanse gee. Hy gaan vir die wêreld wys dis lekker hier, hier by ons huis. Want mamma, ons het ons gesin beplan. (Met apologie oorgeneem ter illustrasie.)

Nou ja, ons kandidate vir die SR-verkiesing skep self alle geleenthede in die wêreld om kanse te benut. Hulle gaan vir die wêreld wys waar Stellenbosch staan. Gedetermineerde manne met 'n doel voor oë. Wat is daardie innerlike dryfkrag wat 'n kandidaat besiel om homself beskikbaar te stel vir die kritiek van die Stellenbosse proletariese massas? Mense, julle lewer 'n diens wat deur bitter min raakgesien word. Maar waag dit nou net om een misstap te gee, o waag dit nou net. Jou stomme keelgat sal gebuk gaan onder 'n abnormale vloei van afkrakende sinsnedes. Jy dink dis verby, wag tot *die Matie* Vrydag verskyn, en jou enigste ligpuntjie in 'n oerwoud van duisternis, jy is die hooftema van *Perspektiewe en Dinge*. Weet jy wat? Niks om jou oor te breek nie, jy word raakgesien. Studeer maar rustig voort. Die mens leer net ter wille van kennis. (Die wat wel leer, ja.) Al is dit tog so moeilik om werklik te gaan sit en studeer. Of eintlik nie, 'n mens moet net georganiseerd en beslis wees. Jy moet nie hier wees vir spek en boontjies nie, al woon julle saam.

### TIPIES

Dit laat my sommer weer dink aan die egoïstiese wese van die mens. Bykans al die reaksies op die "saamwoon" onderwerp was so mistastend en 'n totale waninterpretasie van wat werklik gesê is. Ek wil nie tone trap nie, maar as vandag se jong mense saamwoon as normaal beskou is dit bloot 'n proses in die evolusionêre ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse jeugdige. Wie is die ontstoke briefskrywers in elk geval om 'n ander standpunt summier as 'n nul op 'n kontrak af te maak. My hene, gun u mede-broeders in die stryd ook sy regmatige geleentheid om sy punt te stel.

### ONAFWENDBAAR

Sover dit my betref is dit die resultaat van jare se diepe bepeinsing en rype oorweging. Of ons dit wil aanvaar of nie, dit is 'n era wat ons gaan tref soos 'n Skylab. Dit het gekom in die VSA en omtrent vyf jaar later sy kop in Europa uitgesteek. Nou is dit ons beurt. Ongelukkig vir die Republiek begin die beskawing net duskant die Heksrivier en het sy middelpunt in Stellenbosch. Dus heeltemaal te wagte dat hierdie VVV ("Vulgêre" Vreemde Verskynsel) sy opwagting hier op die "Bosch" moes maak. Die verwagte teenkanting van die res buite die beskawing het dan ook soos 'n miswolk op ons neergedaal. Maar, soos water op 'n eend se rug rol die miswolk van ons af. Vandag se jong mense is die leiers van môre. Daar is baie wat hulle bedenkinge mag hê oor die huidige jongmens en sy aktiwiteite. Maar Aristoteles het in sy tyd reeds gekla oor die onverantwoordelikheid van die jeug. Dié clichè kom 'n lang pad. Ons sal ook eendag oor die jeug kla. Ek wonder wat gaan oor wees teen daardie tyd om oor te kla en te veroordeel? Kritiek en veroordeling, die daaropvolgende besluite; 'n mens moet so versigtig wees. Regter Steyn was baie treffend met sy uitlating oor die ontwikkeling in Namibië. Ek wil dit ook by hierdie geval van toepassing maak:
"Wat gister besluit is, is vandag geskiedenis en môre se probleme".

### EVOLUSIE

Niks bly dieselfde nie – alles is onmiskenbaar op die weg na hervorming en verandering. Selfs die Skim is 'n tweeling ryker. Dis 'n verassing, maar môre se probleem. Twee Skimme?

# Muggies in die Neus

DIS 'n bedompige aand in die middel van Augustus. Dit is halfsewe en steeds stroom die mense na die reeds oorvol DF Malan. So iets is nog nooit gesien nie.

"Dames en here asseblief, ek moet u weer vra om op te skuif. Daar is nog baie wat moet inkom", smeek Dik Stemmet, stembusvoorsitter, en bloos selfbewus as iemand skree: "Sit, jy's in."

Die lugsuiweraar is afgeskakel weens die energiekrisis en die hitte maak hom nog meer prikkelbaar. Hy sal die lid vir reklame moet berispe; daar is nog sowat 4 000 mense buite wat wil in.

Die walkie-talkie wat hy vir die geleentheid geleen het, sê: "Mnr. Stemmet, beheer roep mnr. Stemmet, ons roep mnr. Stemmet." Dik skrik en sukkel om die knoppie raak te vat. "Beheer roep demmit, dis beheer."

"Ja, ja Coetzenburg toe. Die ligte aansit. 'n Halfuur ja." Die sweet brand in die bloedkol waar die skeerlem geglip het. Sy Blue Stratos het afgeloop tot in sy hempskraag.

"Dames en here, weens 'n gebrek aan ruimte word die vergadering verskuif na die atletiekbaan. Ons is jammer oor die ongerief! "

Die mense buite wat nie die afkondiging gehoor het nie, beur na binne en dié wat binne is, druk na buite. Dit word 'n kragmeting tussen stom reuse wat kners en kneus. 'n Paar dames word flou en toe hulle sien dat niemand hulle eintlik kan help nie, herstel hulle wonderbaarlik en gil. Mans vloek openlik en een dame sê selfs: "My mapstieks! "

Toe daar na drie minute nog geen vordering gemaak is nie, begin Dik Stemmet ritmies sê: "Die sirkus is op die baan." Diegene wat met intervarsity op die sing-songpawiljoen was, snap onmiddellik en na 'n tydjie is die dreuning soos dié van 'n magtige golf wat die mure laat bars en die mense tot by die atletiekbaan spoel.

Ritmies, polsend soos 'n pyn in 'n kopnaat hou die gesing aan vir meer as twintig minute. Die woorde het intussen verander: "Die siklus van ons bestaan". Byna 10 000 sit ingepak en sing in 'n temerige beswyming.

Die luidsprekerstelsel is aangeskakel en Dik Stemmet kan weer begin: "Dames en here, dit is Stellenbosch 1979. Ons bied u . . .', en die orkes speel 'n paar kort note, ". . . die grootste sirkus ooit! "

Dik Stemmet lig sy keil en erken die dawerende applous. Die seremonie het begin en hy is die meester. "Ons het vanaand hier by ons 'n klompie vermaaklikheidsterre, ja sterre dames en here, want hulle skitter! Party van hulle het u reeds gesien. Die ander is weliswaar onbekend, maar glo my, hulle is vermaaklik soos min."

Die musiek word harder en al die koppe draai na die ingang. Dan verskyn hulle in 'n netjiese lang ry. Die dames is geklee in glinster-tanga's, met 'n wit pluim uit die Klein Karoo in die hare en elk het 'n Dallas-sticker op die regterboud. Behalwe die koorddanser lyk die mans maar vaal. Hy het 'n lang dun dassie wat verby sy skouers steek om hom balans te gee. Nadat hy hom doodgeval het, is hy sonder seremonie aan die daspunt weggesleep.

Die skare bruis en borrel en ballonne hang in die lug. Iewers lees Hennie Thom iets van Breyten voor en Richelieu Craven knak 'n buksie met die nuwe losdraaiprop. Iemand breek 'n wind in die mikrofoon en dit laat die skare weer saamsmelt tot 'n hegte groep en spontaan begin die pols weer klop: "Die siklus van ons bestaan."

By die verspringput het twee geitjies haastig kom loer en toe padgegee.

**PIETER MARAIS**


# FILATELIESE VERENIGING

DIE vereniging van seëlversamelaars vergader Dinsdag 21 Augustus om 19h30 in die ouditorium van die elektrotegniese gedeelte van die Ingenieursgebou.

Sprekers, outoriteite op die gebied van seëlversameling, word uitgenooi om vergaderings toe te spreek. By die byeenkomste word versamelaars van advies voorsien. Verder kry hulle ook geleentheid om seëls uit te ruil en raak bekend met nuwe tendense.

Verdere informasie kan verkry word van die sekretaris, mnr. Jan Evertse 71737 of Wynand Deyzel K.70 Simonsberg.

## Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



Ontstellend is die feit dat die mens se hoogmoed en selfgenoegsaamheid op sy ergste is wanneer dit in godsdienstige vorme verskyn. As die mens sy eie gewete of gevoel of verstand die geheim van die ware godsvrug wil laat wees, dan ontstaan 'n eiesinnige en eiewillige godsdiens. In werklikheid dien die mens dan homself in plaas van God. Dan neem hy die plek van God in. Die oersonde, nl. die begeerte om soos God te wees, verskyn hier in 'n godsdienstige gewaad. Daar is egter geen twyfel dat die geheim en bron van alle ware vroomheid en suiwere godsdiens nie in ons lê nie, maar in God — in die God wat in die vlees verskyn het.

Jesus Christus is nie alleen die volmaakte mens nie, maar ook God in die vlees. Dit beteken dat ons altyd weer ons godsdienstigheid aan Hom sal moet toets. Hy alleen, niks en niemand anders, is die bron en maatstaf van ons godsvrug, dit is ons godsdiens en toewyding.

1 Tim. 3:14-16

Hannes Theron

# UIT DIE OUDE DOOS

*Hier volg 'n aantal grepe uit die verlede soos dit opgeteken staan in die annale van "Die Matie".*

*Menige midwinter MATIE-memoirs.*

**Vrydag 29 Augustus 1975:**
Die Hoofredakteur (Koos Bekker) skryf: "Mens kry nogal die indruk dat die Universiteit van Stellenbosch oor die afgelope twee-drie jaar gestagneer het . . . . Stagnasie benadeel natuurlik enige universiteit. Stellenbosch is egter besonder kwesbaar. Dié universiteit lê in die platteland, en wat meer is- 'n goeie duisend myl van die Rand, waar die grootste sametrekking van blankes en die sterkste groeipunt is. As die US die beste Afrikaanse universiteit wil bly, sal hy iets besonders moet bied om die beste studente in die land hierheen te lok. By gebrek hieraan sal hy 'n boskollege word."
*bose Bekker byt baie bereidwillige bewers-brutaliteit baar bloedweinig beweging-bonkige boskollege bly bloei-bykans!*

**Vrydag 31 Augustus 1956:**
"Mnr. Wouter de Wet, voorsitter van die komitee van publikasies van die aftredende SR hoop dat die nuwe kultuurblad, PRISMA, die tot dusver onsigbare Stellenbosse kunsgroep sal opspoor."
*kolossale kunsgroep kontribueer koorsig- kom kunsvesel kort- komedie kommunikasie- kopsku kultuur kry klap.*

**Vrydag 5 Augustus 1960:**
Extracts from an article in *The Evening Post*, Wellington, New Zealand, written by Mr. Fred Boshier. Mr. Boshier was in South Africa with the All Black Rugby Team.
"Everything else in this country is so vast and awe-inspiring, so arid and forbidden. Stellenbosch is a little green gem, an heirloom."
*salige Stellenbosch, skone skenker soos skoenlapper, Sieraad smee sorgelose soekers saam, soetluidende stroompies sing stuitig- subtiele Sofis!*

**Vrydag 26 Augustus 1966:**
'n Rubriekskrywer behandel die *Die oop gesprek* as fenomeen:
"Aangesien die gespreksituasie m.i. slegs beskryf en geanaliseer kan word in die daadwerklike beoefening daarvan, pretendeer hierdie poging daarom nie 'n afsluitende, in sigself genoegsame te wees nie, maar moet dit veeleer gesien word as 'n vrywel fragmentariese bydrae in die gesamentlike soeke na klaarheid."
*kranige kolomnis kortwiek kompakte klaarheid- kan kaf kondenseer- kadukse kroniek- kragtie!*

**Vrydag 8 Augustus 1975:**
"Fietsryers word geteister deur die motorbende."
*fikse, flambojante, finansiebewuste fietsryers figureer f(v)andag feitlik foortdurend foor flinker foertuie- folterende frustrasie!*

**Vrydag 29 Augustus 1975:**
Koos Bekker sluit sy hoofartikel af:
"Die vooruitsigte lyk nie waffers nie."
*voorposdenkers vind volle vooruitsigte vreeslik verkenbaar. velerly veinsery/vloekery/verneukery verontwaardig vrydenkers, verder vuur vyfderangse vernietigende vonke voort. Voorspoed!*

**ERIKA VAN ROOYEN**

# DIE STUDENTERAAD: WAT SKORT DAN?

DEUR FRANCOIS VAN DER MERWE

OP die onlangse Bondskongres van die ASB op Stellenbosch is daar dikwels gevra wat dan verkeerd is met die Stellenbosse SR. Dit was na aanleiding van die ASB-referendum vroeër vanjaar waar die SR duidelik en klinkhelder om 'n stem vir affiliasie gevra het. Desnieteenstaande verwerp die studente-unie affiliasie oorweldigend.

Hierdie gebeurtenis mag nie uit verband geruk word nie, maar gesien teen die agtergrond van die uittredende SR se termyn as geheel, dui dit tog op 'n emstige breuk tussen die SR en die studente-unie. Stellenbosch vertrou sy SR oënskynlik nie en is meer as geneë om hierdie liggaam se leiding en inisiatief in die wind te slaan. Hier dink 'n mens aan die 'oop koshuise'-debakel, die referendum, die swak ondersteunde fietsoptog ter ondersteuning van petrolbesparing en die swak opkoms by die andersins skitterende verwelkomingsplegtigheid van die nuwe Rektor en Vise-rektor. Hoewel daar seker goeie verwere vir elk hiervan is, bly die oorheersende indruk tog nog dié van 'n vertrouensverlies en miskenning.

### SELFONDERSOEK

Uittredende SR-lede het ook al dikwels gewys op die gebrek aan erkenning en selfs openlike vyandigheid van die kant van die studente-unie. *Die Matie* verteenwoordig oënskynlik dikwels die studente-mening wanneer dit felle kritiek teen die SR uitspreek. Sou 'n mens die bestaan van 'n spanningsituasie tussen die SR en meerderheid van die studente-unie as gegewe aanvaar, en m.i. kan daar wel van so iets gepraat word, ontstaan daar 'n aantal vrae. Dit is duidelik dat daar selfondersoek aan beide kante gedoen sal moet word ten einde bevredigende antwoorde op al die vrae te verskaf. **Dit is in elk geval lank reeds duidelik dat Stellenbosch en sy leiers met vrug die hand in eie boesem kan steek op soek na perspektief in 'n oënskynlik gekompliseerde samelewing. Met 'n SR-verkiesing op hande, is die tyd seker nooit so reg as juis nou nie.**

## MENINGS-AKTUEEL

Die afgelope SR-termyn was geseënd met verskeie hoogtepunte. Dit was ook die een waarin daar gepoog is om sinvol gestalte te gee aan die inhoud van die mosie oor politieke deelname van die monstervergadering van verlede jaar. Dit het die SR op 'n heel nuwe terrein geplaas waar dit in 'n groot mate deur probeer en tref die broodnodige ondervinding moes opdoen. Dit sou daarom miskien juis onregverdig wees om 'n waarde-oordeel te vel oor wat grootliks 'n proeftydperk was. In die lig van die vele terreine waarop die SR beweeg het met sy talle polities-geïnspireerde mosies en die impak wat dit gehad het op die verhouding tussen SR en studente-unie, kan hier nie van weggeskram word nie.

### SENSITIWITEIT

Dit is duidelik dat die SR nie altyd die nodige sensitiwiteit geopenbaar het wanneer hy hom tot die een of ander politieke uitspraak gewend het nie. Twee voorbeelde kan in hierdie verband aangehaal word. Die eerste, nl. die 'oop koshuise'-mosie van 16 Mei, hoef nie hier in besonderhede behandel te word nie. Dit is reeds oorbekende geskiedenis. Die histerie wat op die mosie gevolg het, was sekerlik nie net die SR se skuld nie, maar ook dié van 'n groepie wat die studente-gevoel slinks uitbuit met ondermeer 'n dubbelsinnige en niksseggende petisie. Die potensiaal vir spanning tussen die SR en studente-unie blyk nietemin duidelik uit die gebeure wat volg op die vergadering van 16 Mei.

'n Verdere voorbeeld is te vinde in die veroordeling en verwysing daarvan na die sensors van die studentekoerante van Wits en Ikeys laat in die derde kwartaal. Alhoewel die SR miskien te bewonder is vir sy sterk standpunt en optrede in hierdie verband, was dit oënskynlik oorhaastig en sonder deeglike inagneming van die waarskynlik gevolge. Drie Engelstalige kampusse het alle amptelike kontak met Stellenbosch verbreek terwyl 'n vierde, nl. Rhodes dreig om dieselfde te doen tensy die SR sy aksies bevredigend kan verduidelik. Die Stellenbosse studente-unie is miskien nie direk by hierdie saak betrokke nie, maar die SR-optrede spreek tog van onsensitiwiteit vir almal om te sien.

### ONDERVINDING

Waarom bestaan hierdie situasie dan? 'n Gebrek aan ondervinding kan sekerlik genoem word, maar dit sal nie die hele verhaal wees nie. Indien die Stellenbosse studente-unie wil hê dat sy SR namens hom politieke uitsprake maak, moet hy ten minste sorg dat sy verkose leiers wel die verlangde politieke mening weerspieël. Die SR sal dus verteenwoordigend moet wees van die studente-mening. Dit is duidelik dat daar met vrug gekyk kan word na die verkiesingstruktuur soos wat trouens ook gevra word in 'n onlangse Studente-parlementmosie. SR-verkiesings sal in 'n groot mate gepolitiseer moet word en dit sal nie onvanpas wees om by die komende verkiesing te begin nie.

### STUDENTE-MENING

Die SR moet egter nie net die studente-mening weergee nie, maar ook doeltreffend lei. Die studente-unie moet dus bereid wees om na die SR te luister en met die nodige objektiwiteit aandag te skenk aan die uitsprake van hierdie liggaam. Hiervoor moet die studente-unie deeglik ingelig wees oor die uitsprake wat wel gemaak word en veral goed bekend met die motivering vir sodanige uitsprake. Die gebrek aan kommunikasie tussen die SR en studente was pynlik waarneembaar tydens die afgelope termyn. Vir die SR om werklik sterk en sinvol leiding te kan gee, moet daar 'n gesonde vertrouensverhouding tussen hierdie liggaam en die massa van studente bestaan. Studentekiesers moet hul kandidate beter ken en veral hulle motiewe deeglik ondersoek.

Die SR kan lank reeds nie meer 'n *ego-trip* vir ambisieuse geluksoekers wees nie. Sulkes doen die saak van Stellenbosch en sy studente oneindig skade en vra om selfondersoek van elke SR-kandidaat. Die ondervinding van die verlede spreek te hard om dit sondermeer te ignoreer.

### LEIERSKRISIS

Die studente-unie moet nie homself in 'n leierskrisis dompel deur al wat sy veronderstelde leiers sê en doen sonder rede te verwerp nie. Nie alleen weerhou dit die potensiële leiers van die leiersposisies nie, maar demp dit ook die entoesiasme en daarom die doeltreffendheid van die reeds aangestelde leiers. Ook *Die Matie* het 'n belangrike rol te speel in hierdie verband en is dit aan beide die studente-unie en sy leiers verskuldig om opbouend en verstandig te kritiseer.

Ons bedank Jan de Wet en sy SR van 1978-79 vir die goeie werk wat hulle gedoen het en ook vir die leemtes wat hul termyn opgewys het. Dit sal nou die nuwe SR en die studente-unie se plig wees om hande te vat en die saak van Stellenbosch en sy studente voor-aan te stel in die soeke na 'n eie-self. Vreedsame verhoudinge op Stellenbosch sal goed voorspel vir verhoudinge in Suid-Afrika in die geheel.

## MAATJIES




*Ag, kom nou Petrus, die polemiek oor Saamwonery gaan nie oor kamermaats nie!*

## *Kampus-Kalender*

**ACSV**
Sendingweek, 9-19 Augustus. Hoofspreker, dr. Chris Greyling.

**ANSOC**
Woensdagaande 18h30 Bybelstudie, LSS.
Donderdagaande "Cheese Lunch", *Coachman's Cottage*.
12 Aug. *Is S.C.A. a Church?* A look at the relationship of S.C.A. and the Church and the Church and the authority structure in the two.
19 Aug. A.G.M.

**Die Matie**
Lesing by die Dept. Joernalistiek; Vrydag 10 Augustus, 14h00. Verkieslik die hele redaksie.
Redaksievergadering, Maandag 13 Augustus, 19h00, in die Wilcocksgebou.

**Hervormde Studentevereniging**
17-19 Augustus – Kamp
26 Augustus – Film oor die lewe van Martin Luther
9 September – bespreking: *Rol van die mens in die beheersing van die natuur* – Prof. Willie Esterhuyse.
15 September – Afsluiting en verkiesing van nuwe bestuur.

**Juriediese Vereniging**
Prof. W.A. Joubert is die hoofspreker by die Martie Malherbe-gedenklesing. Hy sal praat oor *Persoonlikheidsregte na dertig jaar*. Prof. J.R.L. Milton van die Universiteit van Natal tree op as besoekende dosent tussen 17 en 21 September.

**SAAK**
Bestuursvergadering elke Maandag om 13h30.

**S.C.A.**
The theme of this semester will be *The Church – current issues and its lifestyle*. All meetings are at the *Coachman's Cottage* on Sunday afternoons at 16h00. Everybody is welcome and there is a light supper after each meeting.

# Stellenbosch kan self besluit

ANTON VAN NIEKERK, JONKERSHOEKWEG 29, skryf:

DIT is nodig om te antwoord op 'n berig van mnr. Abrie de Swardt, pasverkose onder-president van die ASB, in die *Asbek* van Mei 1979. In 'n berig getiteld "Stellenbosch is Irrealisties" het mnr. De Swardt dit oor die Matie-referendum van 25 April waardeur Stellenbosch hom opnuut gedistansieer het van die ASB. Hy spreek sy teleurstelling uit dat Stellenbosch nie uit sy "geïsoleerdheid" wil wegbreek om "weer deel te hê aan nasionale studentepolitiek hier te lande" nie.

Hy verskaf geen duidelikheid oor wat hy met geïsoleerdheid bedoel nie – geografies, of as buitestaander van 'n kultuurorganisasie soos die ASB? Hy verwys verder na "sommige (wat) verkies om in die buitenste duisternis te bly! " en ander "wat deel is van sy (die ASB s'n) eie lewensuitkyk, probeer intrek." **Die konnotasies wat onvermydelik aan hierdie uitdrukkings en sy lieflingsterm "hier te lande" geheg word, skep onwillekeurig visioene van 'n mekka van politieke besinning en vooruitstrewendheid wat slegs noord van die Oranje bestaan. Verwaand? – gewis.**

Hy is ook verbaas oor die rol wat Ilse Treurnicht steeds op Stellenbosch te speel het en die publisiteit wat haar standpunte in die pers geniet. Ek haal graag aan uit die *Deurbraak* van Oktober 1978 wat mej. Treurnicht self te sê gehad het oor isolasie en die maatstawwe waaraan nuuswaardigheid gemeet word: "Van standpunte van studente en/of dosente van Stellenbosch wat wetenskaplik gefundeer, relevant en deur die studente-unie gesanksioneer is, word egter reeds deur die media sowel as belanghebbende instansies en persone kennis geneem."

### KLAPPE

Hy verwys ook na die "voortdurende klappe in die gesig" wat die ASB van Stellenbosch moet verduur as gevolg van Stellenbosch se weiering om te heraffilieer. Hy gaan voort: "Gelukkig is die ASB baie groter as wat Stellenbosch dink, en kan hy sulke klappe met gemak absorbeer, wetende dat hy diegene, wat deel is van sy lewensuitkyk, probeer intrek." Watter teenstelling – as 'n mens werklik groot genoeg is, beskou jy nie 'n aanbod wat van die hand gewys word as 'n klap in die gesig nie. Mnr. De Swardt beweeg op baie dun ys. Sy gewese president, mnr. Theuns Eloff, se argument van "sieklike selfvoldaanheid" mag dalk net boemerang.

### PATERNALISME

Mnr. De Swardt prys mnr. Jan de Wet en die SR vir hul poging om heraffiliasie te probeer deurvoer. Hy verwys ook na die "naïewe, irrealistiese wyse waarop sommige Maties (diegene wat nie vir heraffiliasie gestem het nie) die Suid-Afrika van vandag wil help bou; dié staan buite Jan de Wet en sy SR." Paternalisme was 'n aktuele onderwerp tydens die afgelope ASB-kongres. Mnr. De Swardt beskik klaarblyklik oor die vrymoedigheid om mnr. Jan de Wet woorde in die mond te lê. Verder impliseer hy dat die Stellenbosse studente-unie nie by magte is om eie oordeel sinvol aan te wend nie. Ek neig om van hom te verskil. As 'n oud-Matie openbaar hy besondere insig in Stellenbosch se huishoudelike sake.

# MATIE-LOGIKA!

PIET SMIT, PIEKE, skryf:

AS 'n getroue leser van *Die Matie* het ek die menings van ander Maties omtrent ons studentekoerant gretig gelees. Maar wat 'n teleurstelling.

Daar is jou waarlik 'n dame wat nie weet sy kan haar eie mening d.m.v. 'n brief in *Die Matie* lug nie. Ek hoop sy is ál een.

Sommige meninggewers kan klaarblyklik nie logies dink nie. 'n Helderberger beweer dat *Die Matie* "vry" is maar besluit dan in dieselfde sin om die wapen teen homself op te neem en sê dan: "wat deur sekere persone uitgebuit word vir eie gewin."

'n Maat (ook in Helderberg) kla oor die sg. neutraliteit van die koerant en doen dan "neutraliteit" as alternatief aan die hand.

Nou wil ek graag 'n voorstel maak: 'n Verpligte kursus in logika vir almal – en 'n dubbele dosis vir die manskoshuis Helderberg asseblief.

# PASOP: MOTORFIETSE IS NIE MOTORS NIE

**Brandstof Quo Vadis**



*Motorfietse mag na die logiese uitweg lyk in die huidige energiekrisis, maar daar is heelwat gegewens beskikbaar wat aandui dat hierdie tweewiel gevaartes soms net so swaar op brandstof kan wees as 'n motor. Dit bly egter die gerieflikste vervoermiddel in druk verkeer.*

DIE stygende brandstofpryse laat meer mense deesdae motorfietse aanskaf. Op die oog af lyk die motorfiets na 'n makliker ryding in verkeer en dit gebruik beslis minder brandstof.

Die Nasionale Verkeersveiligheidsraad wys egter daarop dat veral onervare motorfietsryers op 'n paar gevare behoort te let.

Afgesien van al die voordele van die motorfiets, is dit 'n gevaarlike voertuig om in 'n ongeluk mee te beland. Waar die motor se bakwerk beskerming aan die insittendes verleen, is die motorfietsryer weerloos in die geval van 'n botsing. Dat 'n motorfiets makliker as 'n motor hanteer, en in baie gevalle vinniger kan rem, is wel waar.

### EERSTE KEER

Die gevaar ontstaan wanneer onervare motorfietsryers vir die heel eerste keer, of vir die eerste keer na 'n lang ruk, met 'n motorfiets in die verkeersituasie te doen kry. Sulke onervare of ongeoefende ryers kan gerus hulle rytegniek vergelyk met die volgende riglyne wat goeie en ervare ryers altyd navolg.

### KLEREDRAG

'n SABS-goedgekeurde valhelm is 'n wetlike vereiste. Goeie en dik leerhandskoene is veral in koue weer 'n noodsaaklikheid, aangesien 'n halfverkluimde hand nie die handkontroles so effektief kan beheer nie. 'n Leerpak, alhoewel duur, beskerm nie net die ryer teen die koue nie, maar ook sy klere teen goggatjies, olie- of dieselspatsels, stof en rook. Dit help ook wanneer 'n mens van die fiets sou afval in 'n botsing aangesien dit jou klere en jou liggaam beskerm, en dit bied minder windweerstand as fladderende broekspype en baadjiepante. Rystewels, hoewel nie goedkoop nie, is 'n belangrike toevoeging tot die uitrusting. Dis ook vanselfsprekend dat 'n mens se klerekeuse so helderkleurig moontlik moet wees om die motorfietsryer so opvallend moontlik te maak.

Om die koplamp in die gedompte posisie aan te skakel moet net so natuurlik wees as om jou valhelm vas te maak. Dit is veral aan die begin raadsaam om net soveel ruimte op die pad te gebruik as wat 'n motoris sou gebruik. Dit word dus nie aanbeveel dat motorfietsryers tussen twee rye verkeer beweeg of so ver links ry soos 'n fietsryer nie, en nog minder dat hulle sal verbysteek in die gesig van aankomende verkeer.

Probeer om olierige gedeeltes vroegtydig raak te sien en die motorfiets se spoed daarvolgens aan te pas. Hierdie en ander padoppervlakwaarnemings word vergemaklik deur die afstand agter die voorste voertuig eerder te groot as te klein te maak.

Gebruik die truspieëls en moenie dit as vanselfsprekend beskou dat 'n motoris jou raakgesien het nie. Hou dus te alle tye 'n "nooduitgang" gereed indien 'n motoris 'n gevaarlike aksie sou uitvoer.

Tydens vroëgoggendritte is daar dikwels 'n gladde, klam lagie op geverfde padgedeeltes. Hou dan ook in gedagte dat 'n motoris se uitsig dikwels aansienlik verminder word deur wasem teen sy voertuig se ruite.

In baie gevalle stop 'n motorfiets vinniger as 'n motor. Dit beteken dat die voertuig agter die motorfietsryer dikwels 'n gevaar skep en vroegtydig gewaarsku moet word.

### KRAGTIGE FIETSE

Kragtige motorfietse met gewysigde uitlaatstelsels wat met maksimum vertoon van verkeersligte af wegbrul, beindruk baie min ander padgebruikers behalwe die ryer self. Daardeur word ook 'n onverdraagsame houding van motoris teenoor motorfietsryer aangewakker.

Bedagsaamheid en 'n bietjie vooruitbeplanning kan vir die motorfietsryer die verskil tussen lewe en dood beteken.

# Negende groep weer terug na Alma Mater

OUD-MATIES wat in die jare 1941 tot 1950 aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het, keer op 30 November vanjaar terug na die Akker vir 'n eendaagse saamtrek. Die jaarlikse vergadering van die Konvokasie van die US vind dié aand plaas.

Die saamtrek word gereël deur die Universiteit se departement ontwikkeling en vanjaar is dit die negende klasgroep wat op dié wyse na hul Alma Mater teruggebring word. Oud-Maties uit die jare 1941-'50 was ook in 1974 op Stellenbosch vir 'n soortgelyke saamtrek. Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van ontwikkeling wat die reëlings koördineer, sê daar word probeer om iedere klasgroep minstens een keer elke vyf jaar terug te bring.

Mnr. Esterhuyse sê daar is reeds uitnodigings aan sowat 4 500 oudstudente wat in dié jare Maties was, gestuur. "Ons sien hierin die geleentheid om voortdurend 'n lewende kontak met Oud-Maties te behou, en aan hulle die geleentheid te bied om self na baie jare die Universiteit weer te besoek om self waar te neem wat hier gedoen word."

### GESELS

Die adjunk-direkteur het gesê die oud-studente sal ook kans hê om oor besondere aangeleenthede met die Rektor, dekane en ander personeellede te gesels. "Die saamtrek is gereël om saam te val met die jaarlikse vergadering van ons Konvokasie en daarbenewens sal daar die middag van 30 November ook 'n byeenkoms van al die Wes-Kaaplandse lede van ons Oud-Matieskakelkomitees plaasvind." Mnr. Esterhuyse het verduidelik dat alles spesiaal op een dag gereël is met die brandstoftekort in gedagte. "Alles word gedoen met die oog op besparing," het mnr. Esterhuyse gesê.

Vir die oud-studente wat vanjaar op 30 November weer gaan terugkeer, is daar 'n baie interessante program gereël. Dit sluit 'n besoek in aan die Konservatorium, die Liggaamlike Opvoedkunde- en Sportsentrum, die Danie Craven-stadion en die nuwe gebou vir Lettere en Wysbegeerte. Prof. Hans Jansen, hoogleraar in Afrika-studie, sal ook 'n kort voorlesing vir hulle aanbied oor 'n aktuele onderwerp rakende Afrika. Die noenmaal sal in die Langenhoven-studentesentrum genuttig word.

Die terugkerende Oud-Maties sal by hulle Alma Mater deur die Vise-Kanselier, dr. Kosie Gericke, verwelkom word. Onmiddellik daarna word hulle kortliks toegespreek deur die Rektor, prof. Mike de Vries.

Mnr. Esterhuyse wys daarop dat dié groep in 'n interessante tydperk van Suid-Afrika se geskiedenis op Stellenbosch gestudeer het. "Daar was die laaste jare van die Tweede wêreldoorlog toe 'n student baie gelukkig was as hy net een broek in 'n jaar kon aankoop, nie eens te praat of hy dit kon bekostig of nie, daar was die algemene verkiesing van 1948, die inwyding van die Voortrekker Monument en die koms van dr. Danie Craven na Stellenbosch wat 'n einde gebring het aan die 'maer jare' in ons rugby." (Dr. Craven het in 1947 hoogleraar en hoof van die departement liggaamlike opvoedkunde geword.)

Stellenbosch het in 1945 maar 2 374 studente gehad teenoor 11 604 vanjaar. Toe was daar 63 professore, vandag is daar 174. Dit was die jare toe ministers Chris Heunis, Hennie Smit en Piet Koornhof nog student was. Beroemde Springbokrugbyspelers soos Jan Pickard, Tjol Lategan en Salty du Rand, en eweberoemde atlete soos Daantjie Hugo en Louis van Biljoen het nog almal klasgedraf op die Akker.

### ONTHAAL

Die eendaagse saamtrek word afgesluit met die jaarlikse vergadering van die Konvokasie in die H.B. Thom-teater na afloop waarvan 'n onthaal aangebied word vir almal teenwoordig.

Mense wat nadere besonderhede oor die saamtrek op Stellenbosch vir studente uit die jare 1941-1950 wil bekom, moet met mnr. Andries Esterhuyse in verbinding tree deur Stellenbosch 70010 of 70062 te skakel.

# NUWE APARTHEID IS 'N SUBTIELE KONTROLE

DIE Wiehahn- en Riekert-verslae moet gesien word as 'n subtiele vorm van kontrole het die Nusas president, Auret van Heerden, onlangs by 'n vergadering op Stellenbosch gesê. Hy het aan die gehoor van 150 mense gesê dat 'n "Nuwe Apartheid" ontwikkel word om rassisme en konfrontasie te vermy.

Mnr. van Heerden het in sy toespraak die aard van hierdie nuwe benadering omlyn. Volgens hom moet nuwe ontwikkelinge op die politieke gebied gesien word as "toegewings" om 'n swart middelstand te skep wat swart aspirasies kan absorbeer. Voorbeelde hiervan is die nege-en-neëntig jaar huurpagstelsel en die oopstelling van universiteite.



AURET VAN HEERDEN

### VERLIGTE AANSLAG

Mnr. van Heerden was baie krities oor die liberale pers se houding teenoor Dr. Koornhof. Van Heerden sê die minister se sogenaamde "verligte" aanslag is deel van die nuwe benadering, maar skep geen nuwe regte vir swartes nie. So ook is die Wiehahn- en Riekert-verslae van min waarde. Begrippe daarin genoem soos "vryheid van assosiasie" was tot so 'n mate gekwalifiseer dat dit waardeloos geword het.

### STATUS QUO

Die bevoorregte swart middelstand sou die status quo ondersteun. Die oorgrote meerderheid swartes, veral die trekarbeiders en pendelaars, sou in teenstelling steeds sonder regte en in armoede verkeer. Mnr. van Heerden het tot die gevolgtrekking gekom dat die huidige maatreëls glad nie 'n oplossing vir ons probleme bied nie.

# Marxisme daag die Kerk uit

DIE Kerk moet Marxisme nie uit eiegeregtigheid verwerp nie, maar moet die vrae wat hulle stel, ondersoek sonder om die ideologie te onderskryf.

Sô het prof. De Gruchy hom tydens 'n SAAK-vergadering uitgelaat oor die uitdaging wat Marxisme aan die Kerk stel. Prof. de Gruchy is verbonde aan die Departement van Godsdiensstudie aan die Universiteit van Kaapstad.

Die uitdaging wat Marxisme aan die Kerk rig is ernstig in Latyns-Amerika waar Marxisme gerig is teen Latyns-Amerika se afhanklikheid van Noord-Amerika en Europa. In die Latyns-Amerikaanse Bevrydingsteologie wat hieruit ontstaan het, word daar gepoog om 'n verhouding met die Marxisme te handhaaf waarin die Christen nie sy Christenskap hoef prys te gee nie.

Die Kerk moet nie die kultuur dien nie, maar die Koninkryk van God.

Wat Suid-Afrika betref, moet ons luister na die boodskap van Mozambiek. Marxisme moet ons uitnooi tot selfondersoek en bekering – nie tot 'n eie geregtige verwerping nie. Geen ideologie is in 'n meerdere of mindere mate christelik nie.

Volgens prof. De Gruchy moet die NG Kerk 'n belangrike rol speel in Suid-Afrika se reaksie teen die Marxistiese aanslag, omdat die leiers van die land lidmate daarvan is.



PROF. DE GRUCHY

# SR-KOMBI'S MISBRUIK — BEHEER SKULDIGES MOET OPPAS

DIE afgelope week was daar 2 gevalle waar misbruik van die SR-Kombi's pertinent onder die aandag van *Die Matie* gebring is. Na aanleiding van dié beweerde misbruik het ons gaan gesels met Mnr. Deon de Kock, SR-lid belas met Kombi's.

*Die Matie* wou van Mnr. de Kock weet welke mate van beheer hy oor die 2 Kombi's kan uitoefen. Hy het eerstens verduidelik dat slegs sekere persone, t.w. Voorsitters en Onder-Voorsitters van Verenigings en Komitees, gemagtig is om die Kombi's te gebruik. Hulle kan weer op hulle beurt magtiging verleen aan 'n lid van sodanige vereniging of komitee. Die voertuie word in- en uitgeteken volgens 'n kaartjiestelsel waarop alle besonderhede van die bestuurder en reis verskyn.

### BEHEER

Die probleem ontstaan egter dat daar geen beheer uitgeoefen kan word oor die aantal kilometers wat die bestuurder aflê nie.

### HOUDING

Die Kombi's word wel verhuur teen 'n tarief van 18c per Km, maar dit pla die individu nie juis nie. Sy vereniging betaal mos die rekening.

Komitees onder beheer van die Studenteraad betaal geen onkostes nie. Dis klaarblyklik hier waar die Kombi's soms vir nie-amptelike doeleindes gebruik word.

### OPTREDE

Mnr. de Kock het my verseker dat oortreders beslis vasgevat gaan word. Die Kombi's sal in die toekoms geweier word vir verenigings of komitees wat hulle hieraan skuldig maak. Bogenoemde 2 gevalle is die eerstes wat onder sy aandag gekom het en sal deeglik ondersoek word.

### DIENS

Die gebruik van die Kombi's is ingestel as 'n diens vir die studente, maar word nou openlik vir persoonlike gerief uitgebuit. Klaarblyklik is dit 'n geval van "verantwoordelike" studente wat nie oor genoeg verantwoordelikheid teenoor die res van die Studente-Unie beskik nie, het Mnr. de Kock gesê.




*Daar word strenger beheer oor die SR-Kombi's beoog. Dit behoort die misbruik daarvan grootliks uit te skakel.*

# HANDELSWEEK KRY WEINIG AFTREK

HANDELSWEEK het, benewens die simposium oor die Wiehahn-verslag, verloop met 'n vertoning van Bedryfsielkunde-films, met 'n paneel van sakemanne en doserende personeel om hulle te bespreek. 'n Baie suksesvolle ete is gehou waartydens studente sakemanne kon ontmoet en 'n insig in die sakewêreld kon kry.

Volgens bestuurlede kon hierdie ete as die mees geslaagde deel van die hele handelsweek beskou word, want studente ontmoet dikwels mense wat later, a.g.v. die ontmoeting op die ete, hulle werkgewers word.

Die kontakgesprek wat het min of meer die idee van 'n ete gevolg – dinge loop daar minder vlot totdat daar by die kaas-en-wyn gekom word.

### BYWONING

Volgens Mnr. Justus van der Spuy, redakteur van die Handelsfakulteit se blad *Stellcom*, is ondersteuning van die Handelsweek baie swak. Merkwaardig is die feit dat dit studente van ander fakulteite is wat die week grootliks ondersteun, sowel as Engelssprekende handelstudente. Om hierdie situasie te vermy sal daar volgende jaar gepoog word om 'n aantrekliker program aan te bied. Hierdie program sal uit minder akademiese aangeleenthede en meer funksies wat die bekoring van die handelswêreld uitbeeld bestaan.

### DANS

Een geleentheid wat beslis volgende jaar behoue sal bly is die Handelsdans wat heel suksesvol afgeloop het, en waartydens Susan Vorster (19) as Mej. Handel gekroon is.

# Staande Ovasie vir Steven de Groote

DIE jong Suid-Afrikaanse pianis Steven de Groote is sonder twyfel een van die mees belowende jong pianiste in die wêreld. Steven is die jongste lid van die bekende De Groote musiekfamilie.

Sy uitvoering verlede Woensdagaand in die Endlersaal was sy eerste optrede in Suid-Afrika sedert hy in September 1977 die eerste prys in die vierjaarlikse *Van Cliburn*-klavierkompetisie in Amerika verower het.

### OORNAG

**Die *Van Cliburn*-kompetisie het hom in Amerika en Europa oornag beroemd gemaak. Musiekliefhebbers in Suid-Afrika was dus baie gretig om hom te hoor speel.**

Die Stellenbossers was tevrede: hy is werklik 'n klaviervirtuoos.

### PROGRAM

Sy program het uit werke van J.S. Bach, Beethoven en Prokofiëf bestaan. Die program is geopen met die Prelude en Fuga in G uit *Das Woltemperirte Clavier* van J.S. Bach (boek I no. 15). De Groote benader Bach op 'n tipies Amerikaanse manier. Myns insiens te vinnig, lawaaierig en uitspattig. Die prelude is teen 'n gejaagde pas egter baie akkuraat uitgevoer. Die fuga was weens die vinnige pas onnet en deurmekaar. Die tweede werk, die Prelude en Fuga in b (boek I no. 24), het De Groote goed benut om sy weldeurdagde, pianissimo-spel in die lang, gedrae frases te illustreer. Hy het deurgaans baie min pedaal gebruik — miskien vanweë die klankryke akoestiek van die saal.

### BALLETSUITE

**Prokofiëf se *Romeo en Julia*, 'n klaviertranskripsie bestaande uit tien dele van sy balletsuite met dieselfde naam, was die hoogtepunt van die aand. Sowat van tegniese vaardigheid en lewenskragtigheid sonder om musikaliteit in te boet, hoor 'n mens nie aldag nie. En dit alles asof klavierspeel die eenvoudigste ding in die wêreld is. Hy was ten volle in beheer van die moeilikste passasies en kon dus die speelse danskarakter van die musiek oortuigend oordra. Veral no. 4 (Julia die meisie) en die bekende no. 6 (Die Montagues en die Capulets), was suiwer genot om na te luister.**

Ná die pouse het hy die *Waldstein-sonate* (Op. 53) van Beethoven uitgevoer. Sy spel was klinies korrek en terselfdertyd baie musikaal. Hier en daar was die toonvolume te hard en die toonkwaliteit te skerp.

### EKONOMIES

Sy bewegings is ekonomies en by sommige ligte lopies kon 'n mens skaars sy vingers sien beweeg. Hy het 'n goeie balans tussen "klassieke presiesheid" en 'n verbeeldingryke, vrye, vertolking behou. Dit is jammer dat hy die glissando-oktaaflopies teen die einde van die werk met pedaalgebruik bederf het.

### MEZZOFORTE-KLANK

Ná die *Waldstein* was die Stellenbosse gehoor vir die eerste keer in 'n lang tyd op hul voete. Die twee toegifte was welverdiend. Die eerste, *Refleksies in die water* uit die eerste stel *Images* van Debussy, het 'n heel ander faset van sy spel na vore gebring. Dit was 'n delikate, wasige, mezzoforte-klank wat nie in die Prokofiëf of Beethoven teenwoordig was nie. Laasgenoemde werke was lewendig en ritmies — die Debussy egter delikaat, buigsaam en vloeibaar.

### EENVOUD

**Die tweede toegif was nie dramaties uitspattig of 'n tegniese vertoon soos 'n mens so dikwels hoor nie, maar 'n toonbeeld van eenvoud. Dit was die *Scherzo* uit Beethoven se Klaviersonate in A (Op. 2 no. 2). Hy het dit fyn, afgerond en hoogs musikaal gespeel.**

**Die geheelindruk van Steven de Groote is ook só — afgerond en hoogs musikaal.**

**LOUIS HEYNEMAN**

Cobwebs
Dorpstraat 145
Ons het 'n groot voorraad boek-mandjies Ontvang!
Juweliersware
Kerse
Beursies
Sy - serpe
Ons maak ook gaatjies sonder traantjies!

# Stellenbosch debateer

TWEE-EN-DERTIG spanne, insluitende Militêre Akademie, het vanjaar aan die debatskompetisie deelgeneem. Die kompetisie, wat op 'n uitklopbasis plaasvind, is deurgaans gekenmerk deur debatte van baie hoë gehalte.

Die volgende uitslae is ontvang:
Eendrag klop Heemstede,
Libertas klop Majuba en
Wilgenhof klop Pieke.

Die bogenoemde drie wenners kom voor die einde van Augustus saam met die wenner van die botsing tussen Huis Marais en Hippokrates in die halfeindronde te staan.



*Anton Kruger ontvang die beker vir die beste verslaggewer van Die Matie vir die termyn 78-79. Die beker is oorhandig deur Louis Heyneman, vorige Hoofredakteur van Die Matie.*

# Op die punt om in die Metallurgie of Meganiese of Elektrotegniese Ingenieurswese te gradueer?

## Die Anglo American maatskappygroep kan u in staat stel om ondervinding op te doen en verdere kwalifikasies te bekom terwyl u waardevolle werk verrig. Skakel nou met ons indien u vanjaar gradueer.

Hierdie groep produseer sowat 33% van Suid-Afrika se steenkool, 44% van sy uraan en 37% van sy goud. Diamantproduksie is bykans 12 miljoen karaat per jaar.

Ons kan daarop aanspraak maak dat ons waardevolle loopbane vir gegradueerdes in die ingenieurswese bied. Die aktiewe, noukeurig beplande bystand wat aan sodanige gegradueerdes verleen word, is net so betekenisvol ten einde toe te sien dat hulle hul individuele talente ten volle benut.

Indien u 'n vaste groeiloopbaan in die mynboubedryf verlang, wat registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad van Professionele Ingenieurs of die besit van 'n Staatsbevoegdheidsertifikaat behels, kan die Groep u die paslike werkervaring bied. Dit sal aangevul word deur werkgerigte opleiding wat ontwerp is om u akademiese agtergrond te steun.

Hierdie opleidingsprogramme is bestem om elke leerling se unieke potensiaal deur 'n kombinasie van teoretiese en praktiese onderrig ten beste te benut.

Tydens opleiding sal u - teen 'n goeie netto vergoeding - meesal 'n waardevolle werk verrig wat u vir vroeë bestuursverantwoordelikheid sal toerus.

## Metallurgie

Ongeag of u u graad in skeikunde, bedryfskeikunde, sterkteleer, chemiese of metallurgiese ingenieurswese gaan behaal, kan u steeds in aanmerking kom vir ons intensiewe kursus wat 18 maande duur. Dit geskied by 'n myn, navorsingslaboratorium sowel as by hoofkantoor. Voordat u as senior aanlegmetallurg aangestel word, sal u breë insig oor ons metallurgiese ondernemings verkry en as foutsoeker betrokke raak by navorsingsprojekte en prosesondersoeke. U sal ook 'n voorsmaak van gesagsverantwoordelikheid kry.

## Meganies en Elektrotegnies

Ná die voltooiing van u kursus, wat volgens beplanning 2 jaar sal duur, behoort u gereed te wees om die Staatsbevoegdheidsertifikaat te behaal. U sal aanvanklik by 'n "moeder"-myn aangestel word waar u indiensopleiding sal ontvang wat strek vanaf hidroulika tot kompressors en vanaf ketelwinkels tot verfynde instrumentasie. U sal ook van ander aspekte van ons onderneming en van bestuurstegnieke meer leer.

**Hierdie kursusse het een ding in gemeen: hulle sentreer almal om die werksituasie. Die salaris sal aanvanklik sowat R730 - R760 per maand wees. Dit sal egter by u eie vordering aangepas word. Byvoordele behels onder meer siekefonds, vakansieverloftoelae, pensioen- en versekeringskemas, en vir ongetroude mans op diens by 'n myn gesubsidieerde behuising asook volle maaltye teen nominale koste.**

**Laat weet ons as u belangstel. Skryf aan Geoff Taylor, ons Afdelingspersoneelbestuurder, by Anglo American Corporation (Hoofkantoor), Posbus 61587, Marshalltown 2107. Meld volledige besonderhede oor u ouderdom, opvoedkundige prestasies, werkervaring (indien enige) en u loopbaanverwagtinge. Dit sal ook help indien u 'n oorsig van die werk in u graadkursus kan verskaf.**

Hoofkantoor

**Anglo American Corporation**

OF SOUTH AFRICA LIMITED

ARA 7066

# SHARP-LIGA

## MARAIS—WILGENHOF

**Verlede Vrydag het Huis Marais vir Wilgenhof in 'n spannende wedstryd met 8 punte teen 2 geklop.**

Dit was 'n wedstryd wat teen 'n geweldige tempo afgesit het, met Wilgenhof wat soos die wenspan gelyk het. Hulle het aanhoudend druk op Huis Marais geplaas. Dit was egter 'n begeesterde Huis Marais wat hulle geesdrif gedemp het, en goed in beheer van die wedstryd gekom het. Die eerste helfte is gekenmerk deur die feit dat Wilgenhof se voorspelers hard gewerk het en goeie balle vir hulle agterlyn besörg het, maar dat die balle soms doelloos weggeskop is. Daar was dus nie veel agterlyn bewegings nie. Voorlangs in die skrum het Wilgenhof koning gekraai, maar wat die lynstaan werk betref was dit baie slordig, met min skoon balle wat deur die spelers gevat is. Hier moet die naam van die skrumskakel van Wilgenhof, P. Lategan, genoem word. Hy het elke keer mooi kop gehou wanneer balle oor sy kop geklap is of wanneer die opponente deur die lynstane gebars het. Met die aanbreek van rustyd was die telling 0-0.

Met die aanvang van die tweede helfte het dit duidelik geblyk dat Huis Marais die bordjies gaan verhang. Hulle het later begin saamspeel en 'n groot kopseer vir die Wilgenhof-spelers geword. Die geklappery in die lynstane het hulle uitgebuit deur deur die lynstane te bars en so aan Wilgenhof se skrumskakel 'n moeilike wedstryd te besorg. W. Wait behaal Huis Marais se eerste punte met 'n skepdoel. Hierna was dit Max Bear van Wilgenhof wat met 'n strafdoel die telling gelyk gemaak het. Die volgende punte vir Huis Marais het gekom in die twintigste minuut nadat die agterlyn van Wilgenhof 'n fout begaan het. Dit was eidenlik K. Hugo, die vleul van Huis Marais, wat die drie gaan druk het. Die drie is deur A. Taute vervyf. Huis Marais wen die wedstryd met 8 punte teenoor 2.

Uitblinkers aan die kant van Wilgenhoff was P. Lategan, die skrumskakel. In die span van Huis Marais kan niemand uitgesonder word nie. Die span het as eenheid goed vertoon.



*Dagbreek het Simonsberg verlede Vrydag met 14-10 geklop. Op die foto haal Bernie Trautman van Dagbreek alles uit om die aanval van Gert Etzebeth van Simonsberg te stuit.*

## HELDERBERG—MEDIES

Omdat die twee spanne so goed teen mekaar opgeweeg het, is die telling van ses elk 'n goeie weergawe van die wedstryd.

Uit die staanspoor het beide spanne met groot entoesiasme ingeklim. Die stryd was deurgaans gelyk. Beide spanne het gereeld aangeval en albei se verdediging was goed. Binne die eerste kwartier het Medies se agterlyn aanvalle geloots wat amper vir hulle 'n drie besorg het, maar Helderberg se goeie verdediging het dit verhoed. Die skrums was genadeloos, maar selfs hier het die spanne 'n gelyke stryd gestry. Medies kon egter meer dikwels besit van die bal uit die skrums kry. Die lunstane was deurgaans los en die bal is gereeld geklap. Vanaf die lynstane en skrums het die bal vinnig in die agterlyne afbeweeg. By beide agterlyne het afronding van bewegings kortgekom. Hierdeur is die vloei van die spel belemmer.

### STRAFSKOP

Goeie skoppe deur die losskakels het die spel gedurig verplaas. D. Botha van Medies het met sy goeie lynskoppe die bal by kere vanuit sy halfgebied binne Helderberg se kwartgebied uitgeskop. Tien minute na die aanvang van die wedstryd het Medies sy kans om eerste punte aan te teken verbeur deurdat hy nie geslaag het met 'n strafskop wat binne trefafstand was nie.

In die losspel het H. de Jongh, flank van Medies, baie prominent vertoon. Net voor rustyd het hy 'n aanval gelei wat die eerste helfte van die wedstryd op 'n hoë noot laat eindig het.

Met die aanvang van die tweede helfte was dit Helderberg wat doelgerig aangeval het. Die eerste punte het gekom van 'n strafskop deur Helderberg. Weereens is die spel herhaaldelik verplaas. D. Botha het 'n groot aandeel daarin gehad deur sy goeie lynskoppe. Binne die volgende tien minute het Medies 'n los bal bemeester, na die doellyn geskop, en 'n drie gaan druk. Die doelskop was mis. Met die telling, Medies 4, Helderberg 2, het die spanning opgelaai.

### VOORSPRONG

Die bordjies is binne die volgende ses minute verhang toe Helderberg se voorspelers vanaf 'n strafskopmerk voor Medies se pale die bal mooi beskerm en aan die agterlyn besorg het. Die agterlyn, onder die aanvoering van E. Schunz, Helderberg se skrumskakel, het deur die Medies-verdediging gebreek en met die res van die agterspelers se ondersteuning, is 'n mooi drie gedruk. Helderberg was nou voor met 2 punte.

Medies het die laaste gedeelte van die tweede helfte gedurig aangeval, maar kon net nie deur die Helderberg-verdediging kom nie. D. Botha het met 'n skepdoel geslaag wat die telling gelyk gemaak het.

## HELSHOOGTE - MABRE

**Helshoogte het verlede Vrydag 'n goeie vertoning gelewer en Mabré met 12-6 geklop. Helshoogte se oorwinning was 'n spanpoging waar beide voor en agterspelers konstruktiewe rugby gespeel het.**

Die lynstaanspel was slordig. Helshoogte het beter geskrum as Mabré en het beïndruk met die manier waarop hulle losballe vinnig gewen het. Albei spanne het goed verdedig. Veral A. Hanekom (heelagter) van Helshoogte het 'n goeie vertoning van posisionele en veilige spel gelewer.

Helshoogte het die Matie-patroon, van om die skrum dryf, dikwels probeer. Hul pogings het egter skipbreuk gely as gevolg van die goeie verdediging van die Mabré losvoorspelers. Die agterspel is gekenmerk deur baie skoppe en swak hanteerwerk, veral aan die kant van Mabré.

Helshoogte, wat in die eerste helfte saam met die wind gespeel het, het eerste punte aangeteken toe Schalk Wentzel (senter) in die hoek vir 'n drie oorgestuur is. Pieter Roux du Toit (losskakel) het gedoel (6-0). Mabré het dikwels onnodige foute begaan. Na nog so 'n fout, 'n laat laagvat, is hulle gestraf en Du Toit het die bal deur die pale gejaag. (8-0).

Mabré het hierna meer begeesterd gespeel en veral Chater (skrumskakel) en Van Heerden (vleuvel) het goeie spel gelewer. Claassen (losskakel) het die bal vanaf 'n skrum ontvang en die Helshoogte verdediging oopgeruk. G. Wilsenach (flank) was by om die beweging verder te voer. Hy het die bal besorg aan D. Gerber (senter) wat Van Heerden vir 'n mooi drie in die hoek oorgestuur het. Bertie de Wet se vervyfskop was mis en die rustydtelling was 8-4.

In die vierde minuut van die tweede helfte is Helshoogte gestraf en De Wet het die agterstand laat krimp na 8-6. Hierna het beide spanne lekker ingeklim. Du Toit van Helshoogte het na 'n swak verdedigingspoging begin hardloop en het Willem Woest vir sy tweede drie oorgestuur. (12-6). Dit was ook die eindtelling.

## Uitslae

Huis Marais 8, Wilgenhof 2
Eendrag 10, Huis Visser 8
Helderberg 6, Medies 6
Simonsberg 14, Dagbreek 10
Helshoogte 12, Mabré 6
Pieke 18, Oude Molen 8
Elsenburg vs Libertas – uitgestel

## Vandag

Pieke vs Libertas
Elsenburg vs Huis Marais
Wilgenhof vs Dagbreek
Helderberg vs Huis Visser
Eendrag vs Helshoofte
Mabré vs Oude Molen
Medies vs Simonsberg

## Ligapunte

| AFDELING A: | |
|---|---|
| Pieke | 5 |
| Wilgenhof | 3 |
| Simonsberg | 4 |
| Helderberg | 4 |
| Eendrag | 4 |
| Mabré | 2 |

| AFDELING B: | |
|---|---|
| Medies | 3 |
| Dagbreek | 0 |
| Huis Marais | 4 |
| Oude Molen | 0 |
| Helshoogte | 3 |
| Huis Visser | 0 |

## SIMON — DAGBREEK

Met goeie konstruktiewe rugby het Simonsberg vir Dagbreek verlede Vrydag met 14 punte teenoor 10 geklop.

Van die afskop af, het hierdie twee spanne mekaar goed vasgevat. Dan was dit Dagbreek wat op Simonsberg se doellyn gelê het en dan was dit Simonsberg wat weer op Dagbreek se doellyn gelê het. Dit was Dagbreek wat verras het deur sommer gou met die aanvang van die eerste helfte punte aan te teken. Die vlank A. Roux het hierdie punte aangeteken. Hierna was dit B. Hanekom, losskakel, wat sy span verder laat voorloop het met 'n skepdoel. Simonsberg het egter mooi terug geveg toe R. Steyn die regtervleul sy span se eerste punte met 'n drie behaal het. Hierdie drie is deur G. Etzebeth gedoel. Met die aanbreek van rustyd was dit Dagbreek wat voorgeloop het met tien punte teenoor die ses van Simonsberg.

Soos in die eerste helfte het geen span die oorhand gekry in die tweede helfte nie. In die skrums en lynstane het die spanne goed opgeweeg teen mekaar. Opvallend was die mooi en skoon balle wat beide spanne in die lynstane sowel as die skrums aan hulle agterlyne besorg het. Hierdie wedstryd het gou ook van die ander toeskouers gelok want die manne het mooi met die bal gehardloop en 'n goeie vertoning van hardloop rugby gegee. In die tiende minuut is H. Pieters, slot van Simonsberg, van die veld weens 'n besering. Dit het Simonsberg geensins in trurat gegooi nie want hulle het net so sterk as voorheen vertoon. Met 'n pragdrie maak Simonsberg die telling gelykop. Dit was eers S. Mathee, die agsteman en Kaptein van Simonsberg wat mooi met die bal gedryf het en toe vas gemaak het om so aan die agterlyn 'n goeie bal te besorg. Die bal het met die agterlyn af beweeg totdat R. Steyn vir sy tweede drie kon oorval. Sowat tien minute voor die einde van die wedstryd gaan druk Steyn sy derde drie om sodoende Simonsberg met 14 punte teenoor 10 te laat voorloop. Dit was ook die eintelling.

## EENDRAG — VISSER

**Eendrag het verlede Vrydagmiddag daarin geslaag om sy tweede agtereenvolgende naelskraapse oorwinning te behaal toe hy Huis Visser met 10 punte teenoor 8 geklop het.**

Uit die staanspoor wat dit 'n aanskoulike en spannende wedstryd waarin hardlooprugby oorheers het. Beide spanne het telkemale hulle agterlyne doeltreffend weggestuur terwyl die pakke voorspelers ook by geleentheid pragtig gedryf het. In die skrums het Eendrag harde bene gekou teen Huis Visser se swaarder pak voorspelers, wat die vasskopstryd maklik gewen het. Die vasskoppe wat hulle op kritieke tye behaal het, was vir hulle goud werd. Die losskrums het Huis Visser ook oorheers terwyl Eendrag verreweg die meeste lynstane gewen het.

In die tiende minuut het Huis Visser die eerste punte aangeteken toe losskakel Joe Cloete 'n strafskop deur die pale gestuur het. Net voor rustyd het hulle hul voorsprong vergroot toe haker Mike Stoop in die hoekie gaan druk het nadat Huis Visser 'n skrum naby Eendrag se doellyn afgedwing het. Cloete het die drie gedoel en daarna die veld met 'n besering verlaat.

Na rustyd het Eendrag die pap dikker begin aanmaak en 15 minute later het Du Toit van Zyl Eendrag se eerste drie na 'n losgemaal op die doellyn, gedruk. Die doelskop was mis. Eendrag het toe weer twee maal agtermekaar amper deurgekom en hul pogings is uiteindelik beloon met 'n drie deur vleuel Deon Fourie nadat hy pragtig langs die kantlyn afgenael en om sy man gekom het. Heelagter Koos Barnard het gedoel om die telling 10-8 in Eendrag se guns te maak. Dit was ook die eindtelling.

## PIEKE — OUDE MOLEN

**In 'n wedstryd waarin beide agerlyne min bewegings kon uitvoer, het Pieke daarin geslaag om Oude Molen met 18-8 te verslaan. Pieke het twee doele, 'n drie en 'n skepskop aangeteken teenoor Oude Molen se een doel en strafskop.**

Pieke se voorspelers het in die eerste helfte, toe hulle saam met die wind gespeel het, die losskrums totaal oorheers en Oude Molen ook in die skrums teruggedruk. In die tweede helfte het die voorspelers van Oude Molen baie meer teenstand gebied en Pieke moes hard werk vir hul punte. Die lynstane was baie slordig en nie een van die spanne kon skoon balle wen nie.

Pieke het die wedstryd begin deur kwaai druk op Oude Molen uit te oefen. Na Vyftien minute het Oude Molen misluk met 'n skoonvang, en nadat Pieke se losvoorspelers dadelik hierdie fout kon uitbuit, het Pieke se kaptein en agsteman, Bauermeister, hulle eerste drie gedruk. Footman, heelagter, het met die maklike doelskop geslaag.

Kort hierna het Van Heerden, losskakel van Oude Molen, geslaag met 'n baie lang en skuins strafskop en die telling was 6-2. 'n Minuut later, nadat Oude Molen 'n skrum gewen het en die bal in Footman se hand geskop is, het laasgenoemde met 'n netjiese skepskop geslaag. Rustyd het aangebreek met die telling 8-2 in Pieke se guns.

Tien minute van die tweede helfte was verby toe loskopstut Gudde na 'n lynstaan oor die doellyn is vir Pieke se tweede drie. Footman kon twee verdere punte byvoeg en die telling het aangeskuif na 14-2.

Die twee laaste drieë is gedruk na twee van die min volle agerlynbewegings. Eers het vleuel Du Bois van Pieke 'n onverdoelde drie gaan druk en daarna kon Van Heerden 'n baie goeie beweging met 'n drie afrond. Hy het met die doelskop nog twee punte bygevoeg.

# Matie-sokker staan sterk

HERMANN VOLKMANN

DIE Maties speel op die oomblik skitterende sokker en as hulle so aanhou, sal hulle moeilik geklop word. Verlede Saterdag het hulle Meadowridge met 3-1 in baie onaangename speltoestande geklop. Die tweede en derde spanne, wat ook albei teen Meadowridge gespeel het, het onderskeidelik met 5-0 gewen en 3-4 verloor.

Meadowridge het goed begin en was na net drie minute 1-0 voor. Dit het die Maties laat regruk en vir die res van die eerste helfte het hulle kwaai aangeval, maar kon geen doel kry nie. Veral G. Cohen en B. Ihlein het maklike kanse verbrou. Rustyd was die Maties dus nog 0-1 agter.

Nadat omtrent twintig minute van die tweede helfte verby was, kry Ihlein die Maties se eerste doel van 'n lang aangee, gespeel deur C. Barnard. W. Hamman, kaptein, skiet die tweede doel, nadat hy die bal van H. Kraatz ontvang het. Cohen se doel teen die einde van die wedstryd maak seker dat die Maties twee waardevolle punte op die punteleer bykry.

Die middelveldspelers van die Maties, veral R. Pina, het uitgeblink en baie kanse vir hulle voorspelers gegee. Ongelukkig kon Hamman, Cohen en Ihlein nie al hierdie kanse in doele omskep nie. C. Otto het 'n bestendige wedstryd in die doelhok gehad.

Elke speler in die tweede span het sy deel gedoen, maar Kraatz in die verdediging en M. Lange in die middelveld het uitgeblink. A Mynhardt (2), J. Bentheim, M. Baleta en Lange was vir die vyf doele verantwoordelik.

Die derde span, wat byna net uit koshuis-spelers bestaan, loop, ofskoon hulle Saterdag verloor het, nog gemaklik voor op die punteleer. K. Cochius (2) en H. Volkmann het die drie doele vir die derde span behaal.

Die eerste en die derde span het albei twee weke gelede die semi-finaal van hulle onderskeie uitklopbekers gehaal en ons wens hulle alle voorspoed in dié belangrike wedstryde toe.

Sokkerspanne wat in die koshuisliga deelneem, is baie bedrywig, omdat daar nou tien spanne in die A-liga en nege in die B-liga speel. Verlede kwartaal se wenner van die A-liga, Libertas A, speel teen die wenner van hierdie kwartaal om sodoende die uiteindelike wenner te bepaal. Helderberg het die B-liga verlede kwartaal gewen met Helshoogte B in die tweede plek. Albei spanne het dus na die A-liga opgeskuif.

Aan die begin van die jaar is die Bun Booysens-uitklopbeker afgehandel en Wilgenhof het dit gewen, nadat hulle Medies A 4-1 in die eindstryd verslaan het. Gedurende hierdie kwartaal word daar nog 'n uitklopkompetisie, waaraan al negentien koshuisspanne deelneem, gehou.

Libertas A het verlede kwartaal die liga gewen sonder om 'n punt af te staan. Helshoogte A was tweede met Hombré in die derde plek. Hierdie kwartaal het al drie bogenoemde spanne al 'n wedstryd verloor en Oude Molen A en Simonsberg, wat albei al hulle wedstryde gewen het, loop op die oomblik voor.

Die puntestand van verlde kwartaal se A-liga is as volg:

| | S | W | V | G | P |
|---|---|---|---|---|---|
| **Libertas A** | 7 | 7 | 0 | 0 | 14 |
| **Helshoogte A** | 7 | 5 | 2 | 0 | 10 |
| **Hombré** | 7 | 4 | 3 | 0 | 8 |
| **Medies A** | 7 | 4 | 3 | 0 | 8 |
| **Oude Molen A** | 7 | 3 | 4 | 0 | 6 |
| **Wilgenhof** | 7 | 2 | 5 | 0 | 4 |
| **Simonsberg** | 7 | 1 | 6 | 0 | 2 |
| **Dagbreek** | 7 | 1 | 6 | 0 | 2 |



*Anthony Chater, skrumskakel van Mabré stuur sy agterlyn weg in verlede Vrydag se wedstryd teen Helshoogte. Dit is opmerklik hoe reguit die Helshoogte-agterlyn in verdediging opkom. Blaai na bladsy 00 vir volledige uitslae van al die wedstryde.*

# Dames wen hokkie

DIE Matie-dameshokkiespan het in die nat weer van verlede naweek op Welgevallen die span van Tuine met twee doele teen nul geklop. Met hierdie oorwinning het die Maties hul segetog voortgesit.

Die Tuinedames het met sterk aanvallende spel weggetrek en beslis die oorhand gehad in die eerste helfte. Die Maties is geen kans gegee om enige punte aan te teken nie.

Veral Tuine se stokwerk asook die spanwerk het sterk na vore gekom. Tog het die Maties altyd goed verdedig.

Reeds diep in die tweede helfte is die eerste doel geskiet deur Tuine. Hierna het die Maties na 'n definitiewe aanvallende spel oorgegaan. Margi Middleton het ook nie lank hierna die eerste doel vir die Maties aangeteken. Hierdie doel het gekom as gevolg van mooi samespel deur die Maties.

Tuine se doelwagter is tydens hierdie doel in haar gesig beseer ten spyte van die gesigskerm wat sy gedra het. Sy het tóg voortgegaan om Tuine se doel te verdedig.

In die laaste vyf minute van die wedstryd teken Cathy Harris die tweede doel vir die Maties aan. Hiermee het Maties I hul onoorwonne rekord gehandhaaf en is hulle stewig op pad om as wenners van die 1ste-Liga in die prentjie te kom.

Hierna het die tweede spanne van Tuine en dié van Maties kragte gemeet op 'n nat en uitgetrapte baan. Die wedstryd is gekenmerk deur vinnige spel aan die kant van die Maties waarmee hulle die tweede span van Tuine heelwat oorskadu het. Die eindtelling was 3-0 ten gunste van Maties II.

Hierdie doele is onder andere deur die Matievleuel aangeteken. Ook het Tessa Stitfall daarin geslaag om met 'n strafdoel punte vir die Maties aan te teken.




TEEN die tyd dat hierdie uitgawe van *Die Matie* verskyn, is die Sportman en -vrou van die Jaar reeds gekies, en hulle sal vanaand by die Prestige-Kleuredinee aangekondig word.

Daar is vanjaar die besondere probleem dat drie van die kandidate nie die dinee sal kan bywoon nie. Beide Garth le Roux en Julian Mårsay is tans in Engeland waar hulle óf besig is om roem te verwerf óf die middelpunt van geskille is. Dit wil voorkom asof hierdie geskille by wyse van verandering nie regstreeks te make het met die ou twis oor Suid-Afrikaanse sport en die landspolitiek nie – 'n welkome verandering.

Die Sportredaksie wil by hierdie geleentheid van kleuretoekenning hulde bring aan dié twee Maties en ook aan Heidi de Kock (wat ook nie die dinee kan bywoon nie). En al was hul seges nie altyd op Matie-velde of selfs in Suid-Afrika nie dink ons steeds aan hulle as Maties. Mag hul vertonings, waar ookal met sukses bekroon word.

### KRITIEK

Die Sportredaksie het onlangs berigte van ontevredenheid ontvang aangaande die dekking en rapportering van minder gewilde sportsoorte. Die kritiek was dat daar te veel aandag geskenk word aan rugby terwyl sporte soos sokker, kanovaart en dies meer nooit aandag geniet nie. Die Sportredakteur is hiermee in ooreenstemming maar wil in antwoord op die volgende wys.

### HULP

Eerstens is dit so dat die Rugbyklub verreweg die grootste aantal geregistreerde spelers het. Die gereelde bladsy wat aan rugby afgestaan word is dus heeltemal geregverdig. Dan het die redaksie die probleem dat sportverslaggewers 'n skaarse kommoditeit is en dat ses rugby-wedstryde klaar die diens van ses van hierdie verslaggewers benodig.

Die Publikasie-komitee het hierdie probleem in 'n mate oorbrug deur 'n dame aan te stel as Sub-redaktrise van Sport. Dit sal hopelik verseker dat die dames tevrede gestel word en dat hul sportsoorte deur *Die Matie* gerapporteer word.

Daar is ook oorgegaan tot nouer skakeling met die onderskeie sportorganiseerders asook spelers. Ons het nietemin die hulp van spelers nodig om self te rapporteer aan die Redakteur sou hulle graag 'n spesifieke berig wil plaas. Hierdie is dus 'n ope uitnodiging aan alle sport-deelnemers om ons te verwittig van spesiale gebeure. Intussen sal die Redaksie hom beywer vir eweredige rapportering van sportgebeure.

### EENDEWEER

Verlede naweek se reënweer het verskillende wedstryde in die wielegery en *Die Matie* verneem dat die Duitssprekende-studente die Vlugbalwedstryd afgestel het ten gunste van die jaarlikse fees. Dit wil voorkom of die hele sportwêreld effe onderstebo is. Verlede Sondag se koerante het selfs gemeen Naas Botha word nou deur Gerrie Coetzee voorberei vir die volgende wedstryd tussen WP en Noord-Transvaal. Enige weddenskappe oom Buurman kies vir Kallie Knoetze op die flank?

# Kanovaart by Wyzersdrift

DIE eerste wedvaart na afloop van die Bergrivier Marathon is verlede Saterdag by Wyzersdrift gehou. Die wedvaart is in ongure weer beslis op 'n rivier wat redelik vlak was.

Die beginpunt was by die Witsbrug, onderkant Bainskloof, en die wenstreep 'n goeie 15km rivier af.

Die gunsteling, André Collins, het na verwagting goed vertoon en sy reeks oorwinnings voortgesit. Die eeste Matie by die wenpunt was Sunley Uys wat met 'n verrassende eindpoging verseker het dat hy tweede eindig.

Die Maties het vier roeiers in die eerste tien plekke gehad en is in die spankompetisie slegs deur Milnerton geklop.

Gerhard Beukes het teleurgestel deur sesde te eindig. Daar word hierdie seisoen groot dinge verwag van Beukes. Hy het vroeër vanjaar aan die proewe vir die kies van die Presidentspan deelgeneem, en 'n goeie tweede plek behaal. Hy was ook in die WP-span vir beide die Nasionale Snelroei-kampioenskappe en die Suid-Afrikaanse Witwater-kampioenskappe.

Die Maties het só gevaar by die Wyzersdrift-byeenkoms: 2de, Sunley Uys (1: 18,50); 6de, Gerhard Beukes (1: 24,30); 8ste, Johan Lee (1: 26,50).


**30 MINUTE VAN U TYD. 'N GERINGE PRYS OM VIR U LOOPBAAN TE BETAAL.**

Kom bestee 'n informele halfuur en gesels met ons werwingspan oor u toekomstige loopbaan.
Ons wil u graag vertel van die uitdagende werkgeleenthede wat by die Ford-Motormaatskappy bestaan vir gegradueerdes in die ingenieurswese, handel, natuur- en sosialewetenskappe.
Laat ons u help om oor u toekoms te besluit.

**Plek:** INGENIEURSGEBOU KAMER 209 en BURO VIR STUDENTE VOORLIGTING
**Datum:** 22 en 23 Augustus 1979 **Tyd:** 9.00 vm tot 4.30 nm

Ford

McK&S

TRIO-RAND/S.A. LITHO